



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.
- As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien 'n spelfout die betekenis van 'n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is VERKEERD = x  
Die rede/motivering/aanhaling is = x, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ... .
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks ook in sinsverband, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL: Hiphop skop!** (621 woorde) [Verwerk uit: *Taalgenoot*, Lente 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	(In) Afrika	1	2	1	1
1.2	(Die hiphopmusiekvorm) <ul style="list-style-type: none"> <li>• vertel 'n storie</li> <li>• het ritme</li> <li>• het rym</li> </ul>	2	2	1	1
1.3	Chuck D is die leier (van die rapgroep <i>Public Enemy</i> ).	1	2	1	1

1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dié musiek vertel van dinge wat (werklik met mense) gebeur het.</li> <li>• Dit is stories (in rym) oor die mense (se blydschap, seerkry en swaarkry). (Enige EEN)</li> </ul>	1	2	1	4
1.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die nuwe Suid-Afrika</li> <li>• bendegeweld</li> <li>• meisies (wat hulle los)</li> <li>• die stryd om elke dag te oorleef</li> <li>• politiek</li> <li>• swak sosiale omstandighede (Enige TWEE)</li> </ul>	2	2	1	3
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is nie regtig ateljees nie.</li> <li>• Die ateljees is mense se huise/slaapkamers.</li> <li>• Enige plek kan as 'n ateljee gebruik word. (Enige EEN) ("Dit word figuurlik gebruik" word nie as antwoord aanvaar nie.)</li> </ul>	1	2	1	3
1.7	Die video's moet goed wees.	1	2	1	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die radiostasie kan rymkletsers se <b>liedjies</b> (gereeld) <b>speel</b>.</li> <li>• Die radiostasie kan die rymkletser se liedjie aan die publiek <b>bekendstel</b>. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	1	4
1.9	Hulle het nie <ul style="list-style-type: none"> <li>• die kontakte nie.</li> <li>• opleiding nie.</li> <li>• die nodige kennis nie.</li> <li>• die geleentheid om kennis te deel nie. (Enige TWEE)</li> </ul>	2	2	1	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om reg te leef.</li> <li>• Om geen misdaad te pleeg nie.</li> <li>• Om soos 'n wetsgehoorsame burger te leef.</li> <li>• Om 'n nuwe begin/lewe te maak. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	2	4
1.11.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rymkletsers <b>kan hulle liedjies</b> (op 'n eenvoudige manier) <b>aflaai</b>.</li> <li>• Rymkletsers kan op hierdie webwerf <b>hulle musiek</b> (aan die wêreld) <b>bekendstel</b>.</li> <li>• Rymkletsers kan <b>aan die</b> (webwerf se) <b>rymkletskompetisies deelneem</b>.</li> <li>• Rymkletsers kry <b>selfvertroue</b>. (Enige TWEE)</li> </ul>	2	2	1	2

1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Naspers <b>glo in hiphopsangers se talent.</b></li> <li>Naspers <b>voel positief/simpatiek</b> teenoor rymkletsers se musiek.</li> <li>Naspers wil rymkletsers <b>help/ondersteun.</b></li> <li>Naspers gee hulle <b>hoop/n toekoms.</b> (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	2	3
1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>Dit is 'n gewilde/groot/populêre kompetisie.</li> <li>Daar was baie inskrywings.</li> <li>Baie mense hou van hiphop. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	2	4
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die wenner <b>kry 'n geleentheid</b> om (vir 'n jaar lank saam met professionele/bekende vervaardigers) <b>opnames te maak.</b></li> <li>Die wenner kan (vir 'n jaar) <b>saam met professionele, bekende vervaardigers opnames maak.</b></li> <li>Die wenner <b>woon ook werkwinkels by</b> (om al die reëls van hiphopmusiek te leer). (Enige TWEE)</li> </ul>	2	2	2	1
1.14	<p>Hiphopmusiek</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>se aanhangers groei.</li> <li>is baie goed/lekker/lewendig</li> <li>toon potensiaal.</li> <li>is vinnig besig om te ontwikkel.</li> <li>is 'n musiekvorm wat die moeite werd is om van notisie te neem.</li> <li>het 'n toekoms.</li> <li>kook. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	2	4
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>20</b>			

**TEKS B: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 Desember 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.15	BiC	1	2	2	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om die woord te beklemtoon/uit te lig.</li> <li>Om die lesers se aandag te trek.</li> <li>Om te wys hoe belangrik die toekoms is. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	2	2	4

1.17	Met die oulike kinders in advertensies: <ul style="list-style-type: none"> <li>• word lesers <b>gemanipuleer</b>.</li> <li>• word op lesers se <b>gevoel gespeel</b>.</li> <li>• word lesers se <b>harte saggemaak</b>.</li> </ul> Oulike kinders in advertensies: <ul style="list-style-type: none"> <li>• wek <b>emosie</b> by lesers.</li> <li>• <b>trek die aandag</b> van die lesers.</li> <li>• is 'n <b>motivering</b> vir ander om hierdie advertensie te lees.</li> </ul> (TWEE PUNTE VIR EEN FEIT) (Enige EEN of soortgelyk)	2	2	2	4
1.18	<b>(Letterlik):</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit verwys na die <b>pen/geletterdheid/kennis</b>.</li> </ul> <b>(Figuurlik):</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit verwys na 'n <b>geleentheid</b> tot 'n beter toekoms.</li> <li>• Dit verwys na krag/kans/hoop</li> <li>• Dit verwys na die sleutel tot sukses.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Op die (BiC se) webwerf</li> <li>• By <a href="http://www.bic.co.za">www.bic.co.za</a></li> <li>• Op die internet</li> </ul> (Enige EEN)	1	2	1	1
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 31 Desember 2012</li> <li>• 31/12/2012</li> </ul> (Enige EEN)	1	2	2	1
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 20</li> <li>• Twintig</li> <li>• 20 wenners kan elkeen R5 000 wen</li> </ul> (Enige EEN)	1	2	2	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• C BiC se projek ondersteun.</li> <li>• BiC se projek ondersteun.</li> </ul> (Enige EEN)	1	2	1	3
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy wil (eendag) 'n dokter word.</li> <li>• (Uit die woord) dokter.</li> <li>• Die seuntjie se plakkaat sê so.</li> <li>• Die lettertipe van die woord dokter is donkerder/groter gedruk.</li> <li>• Die seuntjie staan voor die ander leerlinge.</li> <li>• Die seuntjie se liggaamshouding/selfvertroue.</li> </ul> (Enige EEN)	1	2	1	3
	<b>SUBTOTAAL:</b>	<b>10</b>			
		<b>TOTAAL AFDELING A: 30</b>			

**AFDELING B: OPSOMMING****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE**

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

Feit	7
Taal	3
=	10

**LET WEL****Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**VRAAG 2****TEKS C: TYDSKRIFARTIKEL**

**SÓ WORD KOUGOM GEMAAK** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Januarie 2012] (229 woorde)

**Chronologiese volgorde van stappe moet korrek wees. Daar is agt stappe in die moontlike verwerking, maar net sewe stappe word nagesien. As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.**

Direkte aanhaling	Moontlike verwerking
1. Of jy nou van 'n vars vrugtesmaak óf 'n pippermentgeur hou, daar is min mense wat nie af en toe 'n stuk kougom kou nie. Het jy al gewonder waarvan en hoe kougom gemaak word?	Slegs inleiding. Geen feit nie.
2. Kougom word van petroleumprodukte gemaak en bevat bestanddele soos suiker, suikerstroop, kleure en geurmiddels. <b>Al hierdie bestanddele word in 'n groot menger gesmelt</b> en vir <b>sowat 25 minute lank gemeng</b> . Dié mengsel word dan kougom genoem.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die bestanddele vir die maak van kougom <u>word in 'n groot menger gesmelt</u>.</li> <li>Die mengsel <u>word vir 25 minute geroer</u> (terwyl dit smelt). (2 feite)</li> </ul>
3. <b>Dié kougom word dan deur 'n rooster met gate gedruk sodat die stroke kougom almal dieselfde vorm het</b> , nes tandepasta wat deur 'n buis gedruk word.	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Mens <u>druk</u> dan die kougom <u>deur 'n rooster</u> met gate.</li> </ul>
4. Warm kougom sny moeilik. <b>Die volgende stap is dus om die warm kougom na 'n koel vertrek te neem om koud te word</b> . Dit neem tot 24 uur voordat die kougom heeltemal koud is.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die kougom word (in 'n koel vertrek) <u>gelos om koud te word</u>.</li> </ul>
5. Sodra die kougom koud is, kan 'n mens dit in verskillende groottes en vorme verdeel. <b>Die kougom kan byvoorbeeld in vierkante of reghoeke verdeel word</b> . 'n Groot rooster word hiervoor gebruik. Daarna word die kougom met 'n lem in repies gesny.	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Rooster <u>verdeel</u> die kougom <u>in vierkantige of reghoekige vorms</u>.</li> <li>'n Lem <u>sny</u> die kougom <u>in repies</u>. (2 feite)</li> </ul>
6. <b>Hierdie repies kougom word in 'n stroopmengsel gedoop</b> . Die stroop help om die kougom minder taai te maak en gee dit 'n soet, harde kors.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die <u>repies kougom word in 'n stroopmengsel gedoop</u>.</li> </ul>
7. <b>Die verpakking van die kougom word so vinnig deur masjiene gedoen</b> dat ons dit nie eens met die blote oog kan sien gebeur nie! Teen hierdie vinnige tempo word sowat 1 000 pakkies kougom per minuut verpak. Ongelooflik!	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die kougom word vinnig <u>deur masjiene verpak</u>.</li> </ul>
	<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>

**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**

- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011]

(104 woorde)

	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>LU</b>	<b>AS</b>	<b>DENK-VLAK</b>
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit manipuleer die leser om <b>die inskrywingsgeld (voor 30 November/vroeg/ vroegtydig/ onmiddellik/dadelik) te betaal.</b></li> <li>• Dit manipuleer die leser om <b>dadelik in te skryf.</b> (Enige EEN)</li> </ul>	1	4	3: Interpreteer hoe taal deur eksplisiete boodskap die leser se houding verander.	4
3.2	na	1	4	3: Gebruik voorsetsel korrek.	2



3.3.1	Sin 1/Skep jou eie toekoms! (Bevelsin)	1	4	2: Verstaan en verduidelik advertensietaal.	3
3.3.2	Ek kies hierdie sin, omdat: <ul style="list-style-type: none"> <li>• dit die leser <b>by die advertensie betrek.</b></li> <li>• dit die leser <b>aanspoor/ motiveer/oorhaal om tot aksie oor te gaan.</b></li> <li>• dit 'n <b>groter impak op die leser het.</b></li> <li>• dit <b>die leser se aandag trek.</b></li> <li>• dit vir jou sê <b>wat jy moet doen/vir jou 'n opdrag gee.</b></li> <li>• die gebruik van die uitroepteken/die werkwoord aan die begin van die sin <b>die leser se aandag trek.</b></li> </ul> (Sien na soos WAAR/ONWAAR)	1			
3.4	voete	1	4	2: Gebruik idioome korrek.	2
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Postmatriek sal/gaan by Drakensville aangebied word.</li> <li>• Postmatriek sal/gaan aangebied word by Drakensville.</li> </ul> (Enige EEN)	1	4	2: Gebruik toekomstige tyd korrek.	2
3.6	lewenslank	1	4	1: Gebruik samestelling korrek.	1
3.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• CV (Hoofletters sonder punte)</li> <li>• cur.vit.</li> </ul> (Enige EEN)	1	4	2: Gebruik afkorting korrek.	1
3.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• B ingelig</li> <li>• Ingelig</li> </ul> (Enige EEN)	1	4	1: Pas kennis toe om betekenis af te lei.	3
3.9	neem	1	4	2: Woordkeuse: werkwoord	4
	<b>SUBTOTAAL:</b>	<b>10</b>			

**VRAAG 4****TEKS E: STROKIESPRENT (Groeipyne)** [Uit: *Jip*, 31 Oktober 2011]

(32 woorde)

	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>LU</b>	<b>AS</b>	<b>DENK-VLAK</b>
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• B grootword</li> <li>• grootword</li> </ul>	1	4	1: Pas woordeskatkennis toe om betekenis af te lei.	3
4.2	meer	1	4	1: Gebruik vergrotende trap korrek.	2
4.3	klere	1	4	1: Identifiseer die korrekte homofoon.	2
4.4	agter	1	4	2: Gebruik voorsetsel korrek.	2
4.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoe <b>wou</b> jy jou geld verdien?</li> <li>• Hoe <b>wou</b> jy jou geld verdien <b>het</b>? (Enige EEN)</li> </ul>	1	4	1: Gebruik verlede tyd korrek. <b>wil&gt;wou</b>	1
4.6	Zoë, jy kan die kar was <b>nadat</b> jy die onkruid uitgetrek het. (Woordorde in tweede sin moet korrek wees)	1	4	3: Gebruik voegwoorde korrek.	2
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Zoë se ma dink aan nog meer opsies (wat Zoë kan doen om geld te verdien).</li> <li>• Skep afwagting.</li> <li>• Die gedagte is nie voltooi nie.</li> <li>• Die sin is nie voltooi nie. (Of soortgelyk)</li> </ul>	1	4	2: Herken die gebruik en betekenis van leestekens.	2
4.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Miskien sal jy <b>niks</b> erf <b>nie</b>.</li> <li>• Miskien sal jy <b>nie</b> iets erf <b>nie</b>. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek. <b>iets &gt; niks + nie</b> aan die einde van die sin/dubbele <b>nie</b> .	2
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy behoort vir jou geld <b>te werk</b>.</li> <li>• Jy behoort <b>te werk</b> vir jou geld. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4	2: Gebruik infinitief korrek.	2
4.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ma sê vir Zoë dat <b>sy</b> vir <b>haar</b> geld <b>moet werk</b>.</li> <li>• Ma sê vir Zoë dat <b>sy moet werk</b> vir <b>haar</b> geld. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4	2: Gebruik indirekte rede korrek. <b>jy &gt; sy/ jou &gt; haar</b>	2
	<b>SUBTOTAAL:</b>	<b>10</b>			

<b>VRAAG 5</b>					
<b>TEKS F: PROSA – BOEKRESENSIES</b> [Verwerk uit <i>Taalgenoot</i> , Lente 2011] (151 woorde)					
	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>LU</b>	<b>AS</b>	<b>DENK-VLAK</b>
5.1	Die <b>water</b> is vuil. (Of soortgelyk)	1	4	1: <b>Verander ww. korrek na s.nw.</b>	3
5.2	<b>splinternuut</b>	1	4	1: Gebruik intensiewe vorm korrek.	3
5.3	Hierdie boek is <b>vanjaar vinnig by 'n vergadering</b> saamgestel.	1	4	1: Gebruik woordorde korrek sonder om betekenis te verander. <b>(T/W/P)</b>	2
5.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• mooiste</li> <li>• lieflikste</li> <li>• ongelooflikste</li> <li>• wonderlikste</li> </ul> (Enige EEN)	1	4	1: Gebruik sinonieme korrek.	2
5.5	<b>Wie is Sean Brand?</b> (1 punt vir <b>hoofletter</b> en 1 punt vir <b>vraagteken.</b> )	2	4	1: Gebruik leestekens korrek.	1
5.6	SA/S.A. (aanvaar wisselvorm)	1	4	2: Gebruik afkortings korrek.	1
5.7	jou	1	4	1: Gebruik voornaamwoord korrek.	2
5.8	weet	1	4	2: Gebruik verwarrende woorde korrek.	2
5.9	skryfster	1	4	1: Gebruik geslagvorm korrek.	2
5.10	Die ander sjefs <b>het</b> hom (behandel) met groot respek ( <b>behandel.</b> )	1	4	1: Gebruik die bedrywende vorm korrek.	2
5.11	waarin	1	4	1: Pas kennis toe om korrekte spelpatroon te skryf.	2
5.12	<b>uitgegee</b>	1	4	1: Verbeter die spelfout.	1
5.13	re <u>sep</u> te sep	1	4	2: Korrekte gebruik van 'n woordeboek om aksent te bepaal.	3
	<b>SUBTOTAAL:</b>	<b>14</b>			

<b>TEKS G: PRENT</b> [Uit: <i>Huisgenoot</i> , 22 September 2011]					
5.14	rokie	1	4	2: Gebruik idiome korrek.	2
5.15	huilende	1	4	2: Gebruik deelwoorde korrek. Teenwoordige deelwoord: <b>huil+ende</b> .	2
5.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• D Allawêreld</li> <li>• Allawêreld</li> </ul>	1	4	2: Identifiseer en gebruik uitroep korrek.	1
5.17	Die pop <b>word</b> (deur die dogter) <b>vasgehou</b> (deur die dogter).	1	4	2: Gebruik lydende vorm korrek. Begin met <b>voorwerp</b> .	2
5.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>• vroue/vrouens/vroumense</li> <li>mans/manne/mansmense</li> <li>• ... mans eenkant staan terwyl hulle ...</li> </ul> (Hoef nie net een woord te wees nie. Kan enkelvoud of meervoud wees) (Enige EEN of soortgelyk)	1 1	4	2: Identifiseer kritiese taalbewustheid.	2
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>6</b>			
<b>TOTAAL AFDELING C: 40</b>					
<b>GROOTTOTAAL: 80</b>					



# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2012**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# Hiphop skop!



- 1 Hiphop is 'n musiekvorm wat in Afrika ontstaan het toe ou storievertellers alles wat hulle elke dag gedoen het, vir mekaar begin vertel het. Later het dié stories 'n musiekvorm geword, want dit is met ritme vertel en met die verloop van tyd het rym bygekom. Hiphop het gou populêr geraak en mense in ander lande het dit ook begin namaak, selfs tot in Amerika. Die Amerikaners het later op hiphop verbeter, waarna dit weer in Suid-Afrika gewild begin raak het.
- 2 Hiphop is meer as net 'n musiekvorm. Dit is stories wat in rymvorm van mense se blydskap, seerkry en swaarkry vertel. Hierdie stories vertel van dinge wat werklik met mense gebeur het. Chuck D, leier van die rapgroep *Public Enemy*, noem hiphopmusiek die nuus van die straat.
- 3 Die liedjies van ons land se rymkletsers vertel van die nuwe Suid-Afrika, bende-geweld, meisies wat hulle los en die stryd om elke dag te oorleef. Dit vertel van politiek en swak sosiale omstandighede. Dit kla of oordeel nie. Dit gee net die feite.

- 4 Afrikaanse rymkletsers soos Jack Parow en die groep, *Die Antwoord*, is baie suksesvol en verdien baie geld met hulle musiek. Hulle is oral in die wêreld bekend, maar die meeste ander rymkletsers in Suid-Afrika verdien nie baie geld met hulle musiek nie.
- 5 Die sukkelende rymkletsers het nie geld om video's van hulle musiek te maak nie. Hulle neem elke dag hulle liedjies met selfone in "ateljeetjies" op – sommer in huise of slaapkamers. Hierdie video's word dan op YouTube gelaai. Rymkletsers sou graag eerder dié video's op musiekkanale wou laat speel. Die televisiekanaal, *Musiekkanaal (MK)*, is bereid om hulle video's te speel, maar dan moet die video's goed wees. Al die mense wat hiphopmusiek maak, het dieselfde droom: om daardie één liedjie te skryf wat 'n treffer sal wees.
- 6 Die redes waarom rymkletsers sukkel, is omdat hulle nie die kontakte, opleiding of kennis het om hulle musiekvorm in geld te verander nie. Rymkletsers woon regoor die land. Hulle kom nie juis by mekaar uit nie en deel dus nie mekaar se kennis nie. Van hierdie sukkelende rymkletsers sluit jongmense en misdadigers in. Sommige vrygelate misdadigers probeer nou buite die tronk 'n skoon lewe lei deur hiphopmusiek te maak.
- 7 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, Nasionale Pers (Naspers), het agtergekom dat rymkletsers baie sukkel. Hulle het 'n webwerf begin ([www.hiphopkop.co.za](http://www.hiphopkop.co.za)) waar rymkletsers op 'n baie eenvoudige manier hulle Afrikaanse liedjies kan aflaai. Hierdie webwerf sorg dat daar 'n toekoms vir Afrikaanse rymkletsers is, want hulle kan hierdie webwerf gebruik om hulle musiek aan die wêreld bekend te stel.
- 8 Dié webwerf bied rymkletsers 'n kans om aan kompetisies deel te neem en help só om rymkletsers selfvertroue te gee om meer musiek te maak. Dit is die rede waarom die populêre talentkompetisie, *HipHopKop*, begin is. Hierdie kompetisie gee rymkletsers die hoop dat iemand hulle musiek sal hoor en besef dat hulle wel talent het.
- 9 Die eerste *HipHopKop* kompetisie wat gehou is, het bewys hoe populêr hierdie musiekvorm regtig is. Inskrywings het van regoor die land ingestroom.
- 10 Die wenner van hierdie kompetisie kry 'n geleentheid om vir 'n jaar lank saam met professionele, bekende vervaardigers opnames te maak. Die wenner woon ook werkwinkels by om al die reëls van hiphopmusiek te leer.
- 11 Teen die einde van hierdie jaar sal die volgende groot naam in Afrikaanse hiphop gereed wees om sy musiek met trots aan die wêreld te toon. Hou maar dop: Afrikaanse hiphop het die voet in die deur van kommersiële sukses ...
- 12 Hiphop in Afrikaans het skop!

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Lente 2011]

- 1.1 Waar het hiphopmusiek begin? (1)
- 1.2 Noem TWEE eienskappe van die hiphopmusiekvorm. (Paragraaf 1) (2)
- 1.3 Watter rol speel Chuck D in die rapgroep *Public Enemy*? (1)



- 1.4 Waarom noem Chuck D hiphopmusiek die “nuus van die straat”? (Paragraaf 2) (1)
- 1.5 Noem TWEE onderwerpe waaroor Suid-Afrikaanse rymkletsers sing. (Paragraaf 3) (2)
- 1.6 Verduidelik waarom “ateljeetjies” (paragraaf 5) tussen aanhalingstekens geskryf is. (1)
- 1.7 Aan watter vereiste moet rymkletsers se video’s voldoen voordat dit op *Musiekkanaal (MK)* gespeel sal word? (1)
- 1.8 Hoe, dink jy, kan ’n radiostasie rymkletsers help om hulle drome te bewaarheid? (Paragraaf 5) (1)
- 1.9 Noem TWEE redes, volgens paragraaf 6, waarom die meeste Suid-Afrikaanse rymkletsers sukkel om geld met hulle musiek te maak. (2)
- 1.10 Verduidelik wat die volgende uitdrukking beteken:  
“ ... ’n skoon lewe lei ... ” (Paragraaf 6) (1)
- 1.11 Naspers het ’n webwerf vir rymkletsers begin.
- 1.11.1 Noem TWEE maniere hoe hierdie webwerf sukkelende rymkletsers kan help. (2)
- 1.11.2 Wat sê hierdie webwerf oor Naspers se houding teenoor rymkletsers in paragraaf 7? (1)
- 1.12 Wat suggereer die onderstreepte woord in die onderstaande sin?  
“Inskrywings het van regoor die land ingestroom.” (Paragraaf 9) (1)
- 1.13 Op watter TWEE maniere help die pryse van die *HipHopKop* kompetisie ’n wenner met sy/haar musiekloopbaan? (2)
- 1.14 Verduidelik wat bedoel word met: “Hiphop in Afrikaans het skop!” (Paragraaf 12) (1)

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

**Kies BIC**  
en verander in  
**TOEKOMS!**

toekomstige onderwyseres

toekomstige dokter

toekomstige ingenieur

**Ons sit die mag in hulle hande!**

Vir elke spesiaal gemerkte BiC-skrifbehoeftepak wat jy koop, sal ons 'n pen skenk aan 'n minderbevoorregte kind om hom/haar te help op die pad na geletterdheid.

Koop BiC en skenk 1 pen aan 'n arm kind.

**PLUS WEN:**

20 x R5 000 KONTANTPRYSE vir skoolopleiding!

Gaan na [www.bic.co.za](http://www.bic.co.za) vir meer inligting

**BiC**

**NEEM DEEL AAN DIE KOMPETISIE**

Sms die kode op die skrifbehoeftepak + "Kies BiC" na 31501 en jy kan kontantpryse wen!  
 Kompetisie sluit 31 Desember 2012.  
 BiC-skrifbehoefte is by alle kettingwinkels beskikbaar.

[Verwerk uit Huisgenoot, 15 Desember 2011]

- 1.15 Watter maatskappy wil help om die toekoms van kinders te verbeter? (1)
- 1.16 Waarom word die woord "TOEKOMS" in hoofletters geskryf? (1)
- 1.17 Waarom word oulike kinders in advertensies (ook in hierdie advertensie) gebruik? (2)
- 1.18 Wat beteken die onderstreepte woord in die onderstaande sin?  
"BiC sit die mag in die kinders se hande!" (1)
- 1.19 Waar sal mense wat vir die kompetisie wil inskryf, meer inligting kry? (1)
- 1.20 Wanneer is die sluitingsdatum van die kompetisie? (1)
- 1.21 Hoeveel wenners kan elkeen 'n kontantprys wen? (1)
- 1.22 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.22) en die antwoord (A–D) neer.  
READ, 'n maatskappy wat leesprogramme ontwikkel, se logo verskyn ook in die advertensie, omdat hulle ...  
A skryfbehoeftes verkoop.  
B deel van die wins wil hê.  
C BiC se projek ondersteun.  
D die penne vir die kinders gee. (1)
- 1.23 Waaruit lei 'n mens af dat die seuntjie wat in hierdie advertensie verskyn, groot drome het? (1)


**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die proses om kougom te maak in SEWE stappe op.
2. Skryf die stappe puntsgewys neer.
3. Nummer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C****SÓ WORD KOUGOM GEMAAK****Chappies**

=

[Uit: [Google.com](http://Google.com)]

- 1 Of jy nou van 'n vars vrugtesmaak of 'n pippermentgeur hou, daar is min mense wat nie af en toe 'n stuk kougom kou nie. Het jy al gewonder waarvan en hoe kougom gemaak word?
- 2 Kougom word van petroleumprodukte gemaak en bevat bestanddele soos suiker, suikerstroop, kleur- en geurmiddels. Al hierdie bestanddele word in 'n groot menger gesmelt en vir sowat 25 minute lank gemeng. Dié mengsel word dan kougom genoem.
- 3 Dié kougom word dan deur 'n rooster met gate gedruk sodat die stroke kougom almal dieselfde vorm het, nes tandepasta wat deur 'n buis gedruk word.
- 4 Warm kougom sny moeilik. Die volgende stap is dus om die warm kougom na 'n koel vertrek te neem om koud te word. Dit neem tot 24 uur voordat die kougom heeltemal koud is.
- 5 Sodra die kougom koud is, kan 'n mens dit in verskillende groottes en vorme verdeel. Die kougom kan byvoorbeeld in vierkante of reghoeke verdeel word. 'n Groot rooster word hiervoor gebruik. Daarna word die kougom met 'n lem in repies gesny.
- 6 Hierdie repies kougom word in 'n stroopmengsel gedoop. Die stroop help om die kougom minder taai te maak en gee dit 'n soet, harde kors.
- 7 Die verpakking van die kougom word so vinnig deur masjiene gedoen dat ons dit nie eens met die blote oog kan sien gebeur nie! Teen hierdie vinnige tempo word sowat 1 000 pakkies kougom per minuut verpak. Ongelooflik!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Januarie 2012]**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer. Die nommering in die advertensie verwys na woorde wat uitgelaat is en die vraagnommer wat beantwoord moet word.

# POSTMATRIEK

**(3.3) SKEP JOU EIE TOEKOMS!  
JY SKEP JOU EIE TOEKOMS.**

Betaal die ATKV-  
inskrywingsgeld van  
R75 000,00

**VOOR**

30 Nov. 2012 en

**SPAAR R3 500!**

Ná matriek lê die wêreld aan jou (3.4) ... Sluit aan by ons Postmatriek-wegbreekjaar. Postmatriek word by die ATKV se spogoord, Drakensville, aangebied. Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe + lank) sal hou. Aan die einde van die program behoort jy jouself beter te ken. Gun jouself dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaanrigting te (3.9 ... ).

**DIE PROGRAM SLUIT DIE VOLGENDE IN:**

- Ontwikkeling van jou persoonlikheid
- Toekomsbeplanning (stel jou eie curriculum vitae op)
- Word straatwys (finansies, selfverdediging, ens.)
- Avontuur (skubaduik, abseil, ens.)
- En die belangrikste van alles: pret

**KONTAK:**

Lizette Odendaal by 011 919 9038  
of [www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za) en klik op  
ATKV-Postmatriek



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 Oktober 2011]

### 3.1 VOLTOOI die sin.

Die sin in die sirkel oor die inskrywingsgeld is 'n voorbeeld van manipulerende taal. Dit manipuleer die leser om ...

(1)

3.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Die VOORVOEGSEL “post-” in POSTMATRIEK beteken (na/voor/gedurende) matriek. (1)

3.3 Lees die sinne wat sin 1 en sin 2 hieronder genommer is.

3.3.1 Kies die SINSOORT (sin 1 of sin 2) wat die beste by die advertensie pas.

Sin 1: Skep jou eie toekoms! (Bevelsin)

Sin 2: Jy skep jou eie toekoms. (Stelsin) (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1)

3.4 Voltooi die volgende IDIOOM. Kies uit die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.4) en die antwoord neer.

sy; voete; bene; hart
-----------------------

Ná matriek lê die wêreld aan jou ... (1)

3.5 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Postmatriek word by Drakensville aangebied. (1)

3.6 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Met die wegbreekjaar kan jy vriendskappe opbou wat (lewe + lank) sal hou. (1)

3.7 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woorde. Skryf slegs die afkorting as antwoord neer.

Stel jou eie curriculum vitae op. (1)

3.8 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.8) en die antwoord neer.

Iemand wat straatwys is, is ... oor die lewe.

A realisties

B ingelig

C krities

D negatief (1)

3.9 Vul die ontbrekende WERKWOORD in. Skryf slegs die vraagnommer (3.9) en die antwoord neer.

Gun jouself dus die kans om 'n goeie besluit oor jou toekoms en loopbaanrigting te ... (1)

[10]

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



4.1 Kies die antwoord wat die sin KORREK voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.1) en die antwoord neer.

Die titel, "Groeipyne", verwys na die dinge wat kinders leer wanneer hulle ...

- A speel.
- B grootword.
- C skoolgaan.
- D werk. (1)

4.2 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Is daar 'n manier waarop ek (baie) geld kan maak? (1)

4.3 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Ma dra die (kleure/klere) in 'n wasgoedmandjie. (1)

4.4 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (4.4) en die antwoord neer.

Zoë loop ... haar ma aan. (Raampie 1) (1)

4.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Hoe wil jy jou geld verdien? (1)




- 4.6 VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.  
Zoë, jy kan die kar was. Jy het die onkruid uitgetrek. (nadat)  
Begin só: Zoë, jy ... (1)
- 4.7 Lees weer die woorde in raampie 2.  
Wat suggereer die stippels in die sin? (1)
- 4.8 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.  
Miskien sal jy iets erf. (1)
- 4.9 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.  
Jy moet werk vir jou geld.  
Begin só: Jy behoort ... (1)
- 4.10 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.  
Ma sê: “Zoë, jy moet werk vir jou geld.”  
Begin só: Ma sê vir Zoë dat ... (1)
- [10]**



**VRAAG 5**

**TEKS F: PROSA – BOEKRESENSIES**

Die taalvrae wat volg, is op die boekresensies hieronder gebaseer. Daar is opsetlike taalfoute in die teks.

<b>MEER AS 'N GOEIE STORIE ...</b>		
<b>Resensie 1</b>	<b>Resensie 2</b>	<b>Resensie 3</b>
<p><b>SPOGRESEPTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VROUELANDBOU-UNIE</b> (LAPA Uitgewers, R225)</p>  <p>(5.1) 'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond water! Die Suid-Afrikaanse Vrouelandbou-unie (SAVLU) het vir hulle 80<sup>ste</sup> verjaarsdag 'n nuwe resepteboek saamgestel. (5.2) Die kook-idees in dié boek is nuut. (5.3) Hierdie boek is by 'n vergadering vinnig vanjaar saamgestel. Dit het die (5.4) pragtigste foto's en die lekkerste resepte in. Daar is altesaam 205 resepte, alles van gewone etes tot spesiale geleenthede. Jy móét die boek koop!</p>	<p><b>EN EK KAN NIE OPHOU KYK NIE – SEAN BRAND</b> (One Minute Trolley Dash, R285)</p>  <p>(5.5) wie is Sean Brand Sean Brand is 'n beroemde rock-n-roll-fotograaf. (5.6) Met sy kamera wys hy hoe Suid-Afrika se musiekgroepe regtig lyk. (5.7) Jy sal ... oë nie glo nie!</p>	<p><b>KOS VIR DIE KENNER – C LOUIS LEIPOLDT</b> (Human &amp; Rousseau, R230)</p>  <p>Baie kosskrywers sal (5.8) (ken/weet) dat C Louis Leipoldt ook resepteboeke geskryf het. Elke (5.9) skrywer van die Vrouelandbou-unie wil soos C Louis Leipoldt wees. (5.10) Hy is met groot respek deur die ander sjefs behandel. (5.11) Hy het 'n boek geskryf (in + wat) meer as 'n 1 000 van sy resepte verskyn. Dit sluit alles van die kookkuns in. (5.12) Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het. Dit maak nie saak dat daar geen prente is nie – sy beskrywings en kort resepte is maklik om te volg.</p>

[Verwerk uit *Taalgenoot*, Lente 2011]

- 5.1 Gebruik die onderstreepte woord in 'n sin sodat dit 'n **SELFSTANDIGE NAAMWOORD** is.  
'n Mooi kookboek laat 'n mens se mond water. (1)
- 5.2 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Die kook-idees in dié resepteboek is nuut. (1)
- 5.3 Skryf die volgende sin in die **KORREKTE WOORDORDE** neer.  
Hierdie boek is (by 'n vergadering) (vinnig) (vanjaar) saamgestel.  
Begin só: Hierdie boek is ... (1)

- 5.4 Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Dit het die pragtigste foto's in. (1)
- 5.5 Skryf die sin oor en vul die korrekte SKRYFTEKEN en LEESTEKEN in.  
wie is Sean Brand (2)
- 5.6 Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die antwoord neer.  
Met sy kamera wys hy hoe Suid-Afrika se musiekgroepe regtig lyk. (1)
- 5.7 Voltooi die sin deur die KORREKTE VOORNAAMWOORD in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Jy sal ... oë nie glo nie! (1)
- 5.8 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.  
Baie kosskrywers sal (ken/weet) dat C Louis Leipoldt ook resepteboeke geskryf het. (1)
- 5.9 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.  
Elke skrywer van die Vrouelandbou-unie wil soos C Louis Leipoldt wees. (1)
- 5.10 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM oor.  
Hy is met groot respek deur die ander sjefs behandel.  
Begin só: Die ander sjefs ... (1)
- 5.11 Skryf die KORREKTE BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies neer.  
Hy het 'n boek geskryf (in + wat) meer as 'n 1 000 van sy resepte verskyn. (1)
- 5.12 Verbeter die onderstreepte SPELFOUT in die volgende sin.  
Baie kosskrywers was opgewonde toe Leipoldt hierdie boek ytgegee het. (1)
- 5.13 Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die lettergreep wat die klem dra, neer.

**re-sep-te** s.nw. 1 Voorskrif, aanwysing vir die bereiding van iets.

[Uit: HAT 5de uitgawe]

(1)  
[14]

**TEKS G: PRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



[Uit: *Huisgenoot*, 22 September 2011]

- 5.14 Voltooi die volgende IDIOOM.  
Waar daar 'n ... is, brand daar 'n vuurtjie. (1)
- 5.15 Vorm 'n DEELWOORD van die woord tussen hakies.  
Die (huil) kind wys na die vleis op die rooster. (1)
- 5.16 Kies die UITROEP wat die volgende sin die beste voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.16) en die letter (A–D) neer.  
“...! Kyk hoe lekker lyk dié wors.”  
A Hoera  
B Siestog  
C Vervlaks  
D Allawêreld (1)
- 5.17 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.  
Die dogter hou die pop vas.  
Begin só: Die pop ... (1)
- 5.18 Kyk weer na die prent en VOLTOOI die volgende sin. Skryf net die vraagnommer (5.18) en die sin neer.  
Die boodskap wat die prent uitdra dat ... eenkant staan terwyl ... vleis braai, is stereotiperend. (2)

[6]

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 80**



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 35 bladsye wat die rubriek insluit.**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte	4
<b>OF</b>			
2. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	4
<b>OF</b>			
3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte	7
<b>OF</b>			
4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	8
<b>OF</b>			
5. <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte	11
<b>OF</b>			
6. <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	11

**OF****AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

7. <i>Poppie, die drama</i>	Opstelvraag	35 punte	15
<b>OF</b>			
8. <i>Poppie, die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	15
<b>OF</b>			
9. <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte	18
<b>OF</b>			
10. <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	19

**OF****AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

11. <i>Die storie van Piet se oupa</i>	Opstelvraag	35 punte	23
<b>OF</b>			
12. <i>Rooi kombersie</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	23

**OF****AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. <i>Stad in die mis</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	27
<b>OF</b>			
14. <i>Things that go bump in the night</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	29
<b>OF</b>			
15. <i>Spore op die maan</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	31
<b>OF</b>			
16. <i>Die hanswors</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte	33

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor **dieselfde genre** beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. sien dus die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepepenseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepepenseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself gepepenseer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepepenseer nie.
- By die nasien van die opstel word die punte soos volg aangedui:  
 (Kode) I:       punt  
 (Kode) T+S :   punt    
 Totaal:         35
- Halwe punte word as heel punte oorgedra na die voorblad. Indien die kandidaat volpunte vir gedigte kry, word punte oorgedra as 18 en 17 om 35 (totaal) te kry. Indien 'n kandidaat byvoorbeeld 6½ en 7½ kry, word punte oorgedra as 7 en 8.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EKSTEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

**Nasien van WAAR/ONWAAR:**

By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis, word JA/NEE/VALS nie aanvaar nie

- WAAR/ONWAAR is KORREK= ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK=✓.
- WAAR/ONWAAR is KORREK=✓, maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
- WAAR/ONWAAR is VERKEERD/ONTBREEK = x, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

**AFDELING A: ROMAN****VRAAG 1: OPSTELVRAAG****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:****Konflik tussen Saul en sy gesinslede**

*Teenstrydige idees met sy pa oor behandeling van Saul se ma toe sy siek was.*

- Saul het gemeen sy ma moes deur 'n dokter behandel word terwyl sy pa gevoel het dit was 'n "godsiekte" waarvoor mense geen beheer gehad het nie.
- Saul moes sy pa se besluit aanvaar.

*Teenstrydige idees met sy pa oor die bewaring van die Bos*

- Saul wou nie die kalendarboom kap nie.
- Saul het besef dat wat Harison (die natuurbewaarder) gesê het, reg was.
- Saul het vir sy pa gesê dat hy nie die boom wou kap nie, want hy het gevoel die boom was lewendig.
- Dit het Joram kwaad gemaak en hy het Saul met 'n stuk hout geslaan en hom verplig om te kap.
- Saul was bekommerd oor die toekoms van die Bos en die Bosmense.
- Hy het sy pa probeer waarsku oor die vernietiging van die Bos.
- Saul het die houtkappers as wurms wat 'n appel van binne vreet, beskryf.
- Dit het veroorsaak dat Joram vir Saul van die huis af weggejaag het.
- **Saul se bevraagtekening van dinge wat sy pa en ander Bosmense net aanvaar het, het konflik veroorsaak.**
- **Saul se lewensuitkyk, veral oor die bloubokkie se gal (wat verskil het van sy pa s'n), het konflik veroorsaak.**
- **Saul kon nie aanvaar dat sy pa voor MacDonald gekruip het nie.**
- **Saul het nie met sy pa en broer saamgestem oor die skiet van die olifante om hul inkomste aan te vul nie.**

*Gouddelwery*

- Saul het sy pa probeer oortuig om goud te delf in plaas van hout te kap.
- Dit het 'n groot botsing tussen hulle veroorsaak.
- Joram het gevoel dat hy 'n houtkapper was en 'n houtkapper moes bly.
- Joram het die goudbesigheid as onheilig beskou.
- Vir Saul was dit 'n manier vir sy gesin om uit die Bos en armoede te ontsnap.

### *Konflik met Jozef oor Oupoot*

- Jozef se kind is deur 'n olifant getrap.
- Die Bosmense het geglo dit was Oupoot wat dit gedoen het.
- Jozef het Freek Terblans gevra om Oupoot dood te skiet.
- Saul was oortuig dat Oupoot dit nie gedoen het nie.
- Aan die einde van die verhaal het Saul vir Jozef gaan verduidelik dat dit nie Oupoot was wat Jozef se seun doodgemaak het nie.

### *Saul se “verraad”*

- Saul het tydens Kersfees sy gesin gaan besoek.
- Jozef was vyandig teenoor hom en het vir Saul as 'n verraaier beskryf.
- Hy het Saul daarvan beskuldig dat hy vir Harison gaan vertel het dat hulle olifante geskiet het.
- Saul het dit ontken, maar Jozef het hom nie geglo nie.

### **Konflik tussen Saul en die delwers**

- Die ontdekking van rifgoud het baie delwers gelok.
- Saul was ongelukkig oor die vernietiging van die Bos/skiet van olifante deur die delwers.
- Die delwers het bokke en loeries doodgemaak en skedels aan kalenderbome vasgespyker.
- Hulle het die beste bome gekap om vuur mee te maak.
- Saul het 'n paar bangmaakstories oor olifante aan die delwers vertel sodat hulle die Bos verlaat.
- Hy het soms met die delwers oor bewaring gepraat en soms het hy hulle gedreig.
- Saul het 'n beeshoring gebruik om die delwers bang te maak en weg te jaag.

### **Saul se innerlike konflik**

#### *Die tradisionele geloof van die Bosmense*

- Toe Saul op veertienjarige ouderdom geleer het dat die bloubokkie se gal nie in sy kop was, soos hy deur die Bosmense geleer is nie, het Saul nie meer geweet wat waar was nie.
- Dit het hom geleer om nie alles wat mense vir hom gesê het, as die waarheid te aanvaar nie.
- Dit het Saul 'n opstandeling gemaak. Dit het verhoudings met sy familie en die Bosmense negatief beïnvloed.

#### *Oupoot*

- Saul was baie lief vir Oupoot.
- Saul wou nie toelaat dat Oupoot op 'n onmenslike en vernederende manier deur Freek Terblans doodgeskiet word nie.
- Saul het besluit om Oupoot self te gaan doodskiet.



- Terwyl hy dae lank Oupoot se spoor gevolg het, het hy begin beseef dat dit vir hom onmoontlik sou wees om sy dierbroer dood te maak.
- Saul het innerlike konflik beleef toe hy moes kies of hy Knysna finaal gaan verlaat of eers na Oupoot moes gaan soek om hom te skiet voordat Oupoot deur Terblans geskiet wou word.

### *Kate*

- Saul was verlief op Kate.
- Haar besoeke op Sondae aan hom terwyl hy vir MacDonald gewerk het, was die rede hoekom hy die slegte werkstoestande verduur het.
- Dit was vir hom moeilik om sy liefde vir haar te verklaar, want haar ouers was teen die verhouding gekant.
- Nadat Kate van die Kaap af teruggekom het, het Saul hard probeer om sy gevoelens vir Kate te onderdruk.
- Aan die einde het Kate die erf gekoop sodat Saul in Knysna kon agterbly.
- Saul het innerlike konflik beleef toe hy moes kies tussen sy liefde vir Kate of sy begeerte om MacDonald se skuur en later ook Knysna, te verlaat.
- Saul moes kies tussen sy liefde vir Kate en sy familie se oorlewing.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

## **VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

### ***KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee***

- 2.1
- Op MacDonald se (hout)werf.
  - By die skuur (op MacDonald se houtwerf).  
(Enige EEN) (1)
- 2.2
- Hy moes namens sy pa vir 'n “goodfor” (koopbewys) gaan vra.
  - Om vir MacDonald sekere benodighede te vra (koffie, suiker, meel en tabak).  
(Enige EEN) (1)
- 2.3
- A
  - A engel
  - engel  
(Enige EEN) (1)
- 2.4
- D
  - D vir hom gelag
  - vir hom gelag  
(Enige EEN) (1)
- 2.5
- Hierdie lieg storie oor die olifant tande het Saul ontstel.
  - Enigiets negatief oor olifante het Saul ontstel.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 2.6
- Kate was liggelowig.
  - Kate was onskuldig/naïef.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.7
- Die grootmense het gesê die bloubokkie se gal sit in sy kop.
  - Toe Saul eendag 'n bloubokkie gevang en geslag het, het hy nie die gal in die bokkie se kop gekry nie.
  - Die ouer mense het òf vir hom gelieg, òf hulle het self die leuen geglo.  
(DRIE sinne) (3)
- 2.8
- 'n Mens moenie alles glo wat mense vir jou sê nie.
  - Selfs volwassenes kan verkeerd wees.
  - Dis belangrik om self uit te vind wat die waarheid is.
  - Dit is belangrik om dinge te bevraagteken.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.9
- Ja.
- MacDonald het vir die houtkappers leuens vertel oor die gehalte van die hout wat hulle gebring het.
  - MacDonald sou die houtkappers se hout as derdeklas beskryf (terwyl dit eerste klas was).
  - MacDonald het gelieg oor hulle skuld.
  - MacDonald het hulle nie 'n billike prys vir die hout betaal nie.  
(Enige EEN of soortgelyk MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 2.10
- MacDonald het gesê/gedink dat die Bosmense en hulle kinders vuil/wild was.
  - MacDonald het op hulle neergesien.  
(Enige EEN) (1)
- 2.11.1 ryk (1)
- 2.11.2 arm (1)
- 2.11.3 nuuskierig (1)
- 2.11.4 skaam (1)
- 2.12
- Nee.
- Saul het dinge van die Bos en van olifante geweet waarvan Kate niks geweet het nie.
  - Saul was nie dom nie – hy was lewenswys (by sy ouers sekere dinge geleer).
  - Skoolgaan maak nie van jou 'n beter mens nie.
- OF
- Ja.
- Saul kon nie Engels lees en skryf nie.  
(Enige EEN of soortgelyk MOTIVERING verdien die punt.) (1)

- 2.13 MacDonald het Saul gevra om vir hom te kom werk. (1)
- 2.14 Kate het Sondae (skelmpies) by hom gaan kuier. (1)
- 2.15
- Sy het slegte nuus gekry.
  - Sy was hartseer/geskok (omdat sy Kaap toe moes gaan).
  - Sy het gehoor sy moes Kaap toe gaan.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.16 Charles Dickens (1)
- 2.17
- Saul is nie in 'n openbare plek/die biblioteek toegelaat nie.
  - Al was dit 'n plek vir die publiek, is die Bosmense nie daar toegelaat nie.
  - Hy was 'n Bosmens.  
(Enige EEN) (1)
- 2.18
- Hy wou keer dat daar 'n verhouding tussen Kate en Saul ontwikkel.
  - Hy wou hulle ontmoetings elke Sondag beëindig.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.19
- Arend het gesterf.
  - Saul het besef hoe onmenslik MacDonald was.  
(Enige EEN) (1)
- 2.20
- Kate behoort nie van haar probleme weg te hardloop nie.
  - MacDonald sou Saul doodgemaak het.  
(Of soortgelyk) (1)
- 2.21.1 Onwaar. (1)
- 2.21.2 Kate het teruggekeer om in Meulbos/die Bos skool te hou/om as onderwyseres te werk. (1)
- 2.22.1 B Jane (1)
- 2.22.2 E James Stewart (1)
- 2.22.3 D Maska (1)
- 2.22.4 C Beth (1)
- 2.23 'n Tekening/skildery van Oupoot (1)
- 2.24 Mev. MacDonald se bloed was nie so koninklik soos wat sy voorgegee het nie. (1)
- 2.25.1 Waar (1)
- 2.25.2 Sy het 'n erf gekoop wat Saul nodig gehad het om 'n besigheid te begin. (1)

**[35]**

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG*****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver*****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:****Sharon se aankoms by die berghuis**

- Sharon het self gevra of sy 'n deel van die wittebrood met die gesin kon deel.
- Sharon se pa het haar met 'n splinternuwe donkerblou 4 x 4 gebring.
- Die kar het eerder soos 'n straalvliegtuig as 'n kar geklink.
- Met die uitklimslag het Sharon gesê: "Wow! Dis fantasties."
- Die hele gesin het by die voordeur uitgepeul om Sharon te ontmoet.
- Sharon se pa het gedink die pad was senutergend, maar sy het gesê sy was mal oor die pad.
- Sharon se pa was paniekbevange toe hy gehoor het dat daar nie selfoonopvangs was nie.
- Beyers het gesê hulle sou kontak maak as hulle inkopies gaan doen.
- Beyers het belowe dat as iets gebeur, hulle Sharon se pa sou laat weet.
- Sharon het gesê: "Moenie worry nie, Pops, ek sal oukei wees."

**Sharon se ervaring van die berghuis**

- Sharon het vir Hanna gesê die toilet is glad nie so erg as wat sy gedink het nie.
- Sharon het gedink die berghuis sou 'n buitehuisie met 'n longdrop hê, maar daar was 'n outydse toilet langs die kombuis met 'n ketting wat jy kon trek.
- Sharon was gefassineerd deur die toilet.
- Sharon was beïndruk dat daar 'n badkamer was; sy het gedink hulle gaan in 'n koue bergstroom was.
- Sharon wou graag ook sien waar sy en Hanna gaan slaap.
- Hanna het gedink dat Sharon na 'n paar dae saam met die gesin op die berg nie meer sou dink dat hulle gesinslewe opwindend was nie, maar Sharon het dit heelyd geniet.

**Sharon se interaksie met Yann en Hanna**

- Sharon het nog altyd gedink Hanna se gesinslewe was opwindend.
- Hanna was soms sarkasties teenoor Sharon as sy opgewonde geraak het oor iets wat in die gesin gebeur het. Dit het Sharon seergemaak.
- Sharon en Hanna het skottelgoed gewas, tafel gedek, ens.
- Sharon het heelyd probeer om vir Hanna die mooi en positiewe van haar gesin uit te wys, maar Hanna het negatief reageer.
- Sharon het vir Hanna gesê dat Hanna partykeer net soos Mana was.
- Sharon het haar in 'n grap Ou Hanna Heks genoem.

- Sharon was deel van die verrassing wat hulle vir Hanna met haar verjaarsdag gereël het.
- Sharon het die skinkbord gedra, vir Hanna 'n klapsoen gegee en het vir Hanna 'n grimeerstelletjie gegee.
- Sharon het vir Hanna aangemoedig om haar swart cashmere aan te trek, want Gavin sou mal wees daaroor.
- Sharon en Margot het vir Hanna mooi gemaak vir die ete wat Gavin sou voorberei.
- Sharon het Hanna se hand vasgehou toe die baba gebore is.
- Sharon en Hanna was Margot se helpers toe Mana se baba gebore moes word.
- Alles wat Yann gedoen het, het vir Sharon beïndruk.
- Yann en Sharon het goed oor die weg gekom; hy het met haar grappies gemaak en Sharon kon hom terg.
- Yann het vir Sharon 'n kompliment oor haar voorkoms gegee, wat haar baie gelukkig gemaak het.
- Yann het selfs gesê dat Sharon hom sou inspireer om goed te teken.
- Na 36 uur saam het daar 'n mooi verhouding tussen Yann en Sharon ontwikkel.
- Sharon het saam met Yann, Tibo en Amos na al Margot se stories oor Amerika gesit en luister.
- Sharon en Yann het vir die res van die aand na Gavin se spesiale ete saam gedans.
- Met die konsert het Sharon en Yann saamgewerk aan 'n item; Hanna was jaloers hieroor.
- Margot het gesê Sharon laat haar aan Julia Roberts dink en Yann het gesê dat daar nogal 'n ooreenkoms was.
- Sharon was opgewonde om vir nog 'n dag saam met Gavin, Hanna, Yann, Tibo en Amos op die berg te kon agterbly.
- Die mense wat agtergebly het, het partytjie gehou en Sharon het met haar kop teen Yann se skouer geleun.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

#### **VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

##### ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

- 4.1
- Mana het nie van die tradisionele manier van dinge doen, gehou nie.
  - Mana was nie 'n doodgewone ma nie.
  - Mana was ongewoon/anders as ander ma's.
  - Mana was nie normaal nie.
  - Mana was eksentriek.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.2.1 Gavin/(Haar) gay woonstelmaat. (1)
- 4.2.2
- Met 'n proefbuis/Tibo is met skenkersperm geskep/vervaardig/gemaak.
  - Hy was 'n proefbuisbaba.
  - Hy is deur kunsmatig bevrugting geskep. (1)

- 4.3 Dit/Ditjie. (1)
- 4.4
- Hanna was nuuskierig/weetgierig.
  - Hanna het altyd alles (kan iets spesifiek wees) bevraagteken.
  - Hanna wou antwoorde oor alles in die lewe gehad het.
  - Daar is baie onbeantwoorde vrae in (Hanna se/die) lewe.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.5
- A
  - A hulle mekaar beter moes leer ken.
  - hulle mekaar beter moes leer ken.  
(Enige EEN) (1)
- 4.6
- C
  - C Botterberg
  - Botterberg  
(Enige EEN) (1)
- 4.7.1 Onwaar (1)
- 4.7.2 Gavin was vir 'n modeskou in Kaapstad (wat naby was en daarom kon hy vir Hanna se verjaarsdag kom). (1)
- 4.8
- Daar was 'n halfbroer.
  - Tibo was 'n proefbuisbaba.
  - Daar was stiefbroers.
  - Hanna het 'n stiefpa gehad.
  - Hanna se eie pa was gay gewees.
  - Daar was 'n halfsussie op pad.
  - Dit is 'n gesin met drie/verskillende "pa's".  
(Enige TWEE) (2)
- 4.9
- Yann het vir Hanna 'n pen vir haar verjaarsdag gegee (wat wys dat hy begrip het vir haar skryftalent).
  - Yann was aan haar kant toe die tweeling haar boek gelees het.  
(TWEE aanduidings) (2)
- 4.10
- Hanna het gedink dat Beyers die beste ding was wat nog in Mana se lewe gebeur het.
  - Hanna het gedink Beyers was 'n wonderlike/goeie man.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.11 mode-ontwerper (1)
- 4.12
- Gavin het op die tafel gedans.
  - Hy het soos 'n popster opgetree.  
(Enige EEN) (1)

- 4.13.1 Waar/Onwaar (1)
- 4.13.2 Waar:
- Aan die einde het haar lewe al meer soos Fabienne se lewe begin lyk.
  - Hanna het toe ook 'n sussie gehad soos Fabienne.
  - Die verhouding tussen Sharon en Yann het ooreenkomste getoon met die verhouding tussen Fabienne en Jan.
  - Die verfkwasvrou het ooreenkomste getoon met Mana.
  - Hanna en Fabienne was albei by tye ongelukkig oor hulle gesin.
- OF
- Onwaar:
- Hanna het Fabienne se lewe 'n idilliese lewe gemaak. (1)
  - Fabienne het 'n doodnormale gesin en lewe gehad.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- 4.14.1 B Mana (1)
- 4.14.2 D Hanna (1)
- 4.14.3 A Gavin (1)
- 4.14.4 C Beyers (1)
- 4.15.1 speletjie (1)
- 4.15.2 oefening (1)
- 4.15.3 konsert (1)
- 4.15.4 partytjie (1)
- 4.16 Die reën het hulle op die berg vasgekeer. (letterlik) (1)
- 4.17 Hanna wou nie saam met haar gesin met vakansie wees nie. (figuurlik) (1)
- 4.18
- Hanna het uitgesluit gevoel.
  - Hanna het sleg/ongelukkig gevoel.
  - Hanna was jaloers op hulle verhouding.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.19
- Margot het haar twee seuns net so gelos en Amerika toe gegaan.
  - Margot het byna nooit kontak met haar seuns gehad nie.
  - Margot het nooit haar beloftes teenoor haar seuns nagekom nie.  
(Enige EEN) (1)

- 4.20 Nee
- Margot het net water met suurlemoensap gedrink.
  - Sy het baie van die kos nie geëet nie.
  - Margot het baie fiemies gehad.  
(Enige EEN of soortgelyk. **MOTIVERING verdien die punt.**) (1)
- 4.21 Hulle het 'n helikopter gebring (om die gesin te kom red). (1)
- 4.22 Margot moes (Johannesburg toe) gaan vir haar rol in 'n **TV-reeks**. (1)
- 4.23
- Beskermend
  - Liefdevol
  - Positief
  - Goed
  - Gelukkig
- (Enige houding of gevoel wat op aanvaarding en beskerming/positiwiteit dui.) (1)
- 4.24 Ja. Hulle het begin om dinge saam te doen (soos speletjies gespeel, konsert gehou, ens.)/Die gesin het saam pret gehad.  
((Enige EEN of soortgelyk. **MOTIVERING verdien die punt.**) (1)
- [35]**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

### **MEEULANDERS – Esta Steyn**

#### **Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

#### **LIGGAAM:**

##### **Hoekom Ryna op Meeuland gaan bly het**

- Ryna het 'n baie traumatiese ervaring/ondervinding gehad.
- Haar man het by dwelms betrokke geraak.
- Haar man het haar nie ingelig oor hulle finansiële probleme nie.
- Haar man het na bewering hulle huis aan die brand gestee.
- Haar man het na bewering eers hul seun en toe homself geskiet.
- Haar man en hulle seun het in die huis doodgebrand.
- Ryna is in 'n inrigting vir sielsiektes (Silkwood kliniek) opgeneem.
- Professor van Keulen het dit goed gevind om haar Meeuland toe te stuur.
- Sy moes navorsing op die eiland gaan doen.
- Sy moes die voëls op die eiland gaan bestudeer, sketse van hulle maak en 'n boek skryf.
- Sy het besluit om haar tweede naam en nooiensvan te gebruik, sodat sy 'n afstand tussen haar en haar ou lewe (en die pyn) kon skep.



**Hoe Ryna se ervarings op die eiland haar lewe beïnvloed het**

- Ryna was gewoon aan 'n luukse lewe in die stad, maar op Meeuland moes sy na die eenvoud van die lewe terugkeer.
- Sy moes met die minimum en die basiese tevrede wees.
- Sy moes in 'n stadium self haar water en hout van buite af na die huis toe aandra.
- Ryna moes Jacob met die ondersoek van die malgasse help.
- Toe sy die malgasse sien broei, het sy besef dat daar wel redes is om te leef.
- Sy het in die waarnemingsproses baie van die natuur geleer.
- Sy het die ewewig in die natuur en die lewe leer ken.
- Sy het ook besef dat net die sterkstes in die natuur oorleef.
- Jannerik het haar geleer om 'n boom te plant, sodat haar pyn in die boom se takke kon ingroei.
- Sy het gehuil toe sy Jacob se verduideliking van die wonder van die natuur hoor.
- In die verwondering van die natuur het Ryna genesing van al haar pyn gevind.
- Sy het weer in noue kontak met haar God begin leef.
- Op die eiland het Attie, wat op haar verlief was, haar weer van haarself as vrou bewus gemaak.
- Sy moes die versorging van Janka oorneem nadat Elsabet na Janka se geboorte depressief geraak het.
- Ryna het moederskap ervaar deur vir Janka te sorg.
- Ryna het vir Janka Mama-Meeu geword
- Ryna se verhouding met Jacob het haar weer heel gemaak.
- Ryna het weer haarself, geluk en vrede op die eiland gevind.
- Sy het ook besef dat sy as Camilla, dit nooit sou ervaar en verwerk het nie.

**Wat die redes was waarom Ryna nie van die eiland af kon weggaan nie**

- Ryna se lewe het nou verweef geraak met dié van die mense op die eiland.
- Sy het weer redes gevind om te leef.
- Jannerik het in haar 'n moederfiguur gevind, daarom kon hy sy pyn met haar deel.
- Ryna het ook 'n anker vir Elsabet geword terwyl sy nog op die eiland was.
- Later het Ryna besef dat sy Janka liefhet en haar nie sommer aan haar eie genade, of dié van Jacob en Jannerik, kon oorlaat nie
- In die proses het sy ook vir Jacob leer liefkry.
- Ryna het verantwoordelik gevoel vir Janka.
- Ryna het vir Janka versorg en opgepas terwyl Elsabet weg van die eiland af was.
- Nadat Jacob vir die dood van Skalla gevonnissen is, het sy besluit dat sy deur die seisoene heen vir Jacob sou wag.
- Selfs al moes hulle die eiland weens 'n besluit van die regering verlaat, het sy besluit sy en Jacob sou eendag terugkeer om te sien hoe groot hulle wildevyboom gegroei het.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG****MEEULANDERS** – Esta Steyn

- 6.1 Kinnie was dood/het gesterf. (1)
- 6.2
- A
  - A geskok
  - geskok  
(Enige EEN) (1)
- 6.3
- Hy het besef sy sonde het hom ingehaal.
  - Hy was bang die waarheid oor wat hy aan Kinnie gedoen het, gaan uitkom.
  - Hy het nie geweet hoe om die situasie reg te stel nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.4.1 Waar (1)
- 6.4.2
- Hy het 'n rol note (geld) in haar hand gestop.
  - Hy het haar betaal.
  - Hy wou nie weer daarvan hoor nie.  
(Enige EEN) (1)
- 6.5 skelm/agterbaks/intimiderend/dreigend (1)
- 6.6.1 Skalla het Fred afgepers. (1)
- 6.6.2 Sheila het selfmoord gepleeg. (1)
- 6.7
- Dit was verkeerd om Kinnie te misbruik/verkrag.
  - Dit was verkeerd van Fred om vir Kinnie geld aan te bied om stil te bly.
  - Dit was verkeerd, want Fred was 'n getroude man.
  - Dit was verkeerd, want Kinnie het vir hom gewerk.
  - Dit was verkeerd, want Fred was baie ouer as Kinnie.  
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 6.8 vrouejagter (1)
- 6.9.1 C Ryna (1)
- 6.9.2 A Sheila (1)
- 6.9.3 D Jackie (1)
- 6.9.4 B Elsabet (1)
- 6.10.1
- Fred het besef dit is sy plig om sy kind te onderhou.
  - Fred wou nie Janka se lewe ontwig nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 6.10.2 Nee.  
Janka het net vir Jacob as pa geken.  
Fred sou nie vir Janka stabiliteit gegee het nie.  
Janka sou ontuis in Fred se huis gevoel het.
- OF
- Ja. (1)  
'n Kind behoort by sy/haar ouer(s) te bly.  
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.)
- 6.11
- D
  - D Ryna
  - Ryna
- (Enige EEN) (1)
- 6.12
- Doreen het nooit iets verkeerds gedoen nie.
  - Niemand kon nog iets verkeerd van Doreen sê nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.13 Haar lewe was so voorspelbaar/saai/oninteressant. (1)
- 6.14 Jason Peters/die skoolhoof/Mnr. Peters (1)
- 6.15 skok/verbasing (1)
- 6.16 Doreen moes haar gevoelens vir Jason stop/onderdruk/keer. (1)
- 6.17
- Ant Ousanna **het gewee**t (watter gevoelens Doreen vir Jason gehad het).
  - Ant Ousanna **het** die waarheid **geken**.
- (Enige EEN) (1)
- 6.18.1 Waar (1)
- 6.18.2 Sy het wel gevoelens vir Jason Peters, die skoolhoof, gehad. (1)
- 6.19
- Jason het vir Doreen parfuum vir haar verjaarsdag gegee.
  - Jason en Doreen het mekaar gesoen.
  - Mary, Jason se vrou, het hulle betrap.
- (DRIE feite) (3)
- 6.20.1 roekeloos (1)
- 6.20.2 kalm (1)
- 6.20.3 jammer (1)
- 6.20.4 woedend (1)

6.21	Sy het (uit haar pos as skooljuffrou/onderwyseres) bedank.	(1)
6.22	Sy het studeer/haar graad voltooi.	(1) [35]
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>		<b>35</b>

## **AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord EEN van die volgende vrae.**

### **VRAAG 7: OPSTELVRAAG**

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

### **LIGGAAM:**

#### **Stone se rol in Poppie se lewe**

- Poppie het Stone as sestienjarige ontmoet.
- Stone het op hierdie stadium by sy broer in Lambertsbaai gekuier.
- Stone het op Poppie verlief geraak.
- Na die verlowing het hy lobola vir Poppie betaal.
- Poppie en Stone het 'n tradisionele troue gehad (twee dae).
- Omdat sy met Stone getroud was, moes sy Lambertsbaai gedwonge verlaat en saam met hom in die Kaap gaan bly.
- Stone het vir hulle 'n tweeslaapkamerhuisie in Jakkalsvlei gebou.
- Stone het Poppie aan sy wêreld (Herschel) bekendgestel.
- Hy het haar ook vir die eerste keer laat bus ry.
- Hulle het saam kinders gehad.
- Stone was 'n trekarbeider en moes nie in die Kaap gewerk en gebly het nie.
- Stone het as kontrakwerker by 'n melkery in Philippi werk gekry.
- Stone het siek geword en Poppie het hom hospitaal toe geneem.
- Poppie het Stone net naweke, vir kort tydies besoek (a.g.v. haar werksure).
- Die regering het Poppie verplig om Ciskei toe te trek.
- Poppie het 'n huis in Mdantsane by die regering gekry.
- Stone het in 'n hostel vir trekarbeiders gebly.
- Stone het eers na twee jaar vir sy gesin in Mdantsane gaan kuier.
- Stone het siek geword en doodgegaan.
- Na Stone se dood het Poppie ontdek dat Stone al sy geld vir sy gesin gegee het en niks vir homself gekoop het nie.

- Daarna is sy verplig om terug te keer Kaap toe sodat sy meer geld kon verdien om vir haar kinders te sorg.
- Stone het homself vir sy vrou en kinders opgeoffer.

### **Jakkie se rol in Poppie se lewe**

- Poppie was die liefste vir Jakkie.
- Jakkie is Poppie se halfbroer.
- Poppie moes op negejarige ouderdom die skool verlaat om Jakkie en die ander kinders op te pas.
- Jakkie het vir Poppie kwaad gemaak toe hy saam met die ander kinders vir Plank gelag het (toe die polisie hom in die hoenderhok gekry het).
- Poppie was ontsteld toe Jakkie in opstand teen die onderdrukkende wette gekom het.
- Jakkie was kwaad oor die wet wat dit so moeilik vir Poppie gemaak het om 'n pas te kry.
- Jakkie het vir Poppie gesê dat die ouer mense klaar moeg was en nie meer vir oorlewing wou veg nie.
- Jakkie het vir Poppie gesê dat hy vir haar en haar kinders veg.
- Jakkie sou om hierdie rede nie ophou geveg het voordat die lokasie soos 'n tronk lyk nie.
- Jakkie was kwaad dat Poppie Mdantsane toe moes gaan.
- Jakkie was verskeie kere in die tronk en dit het Poppie ontstel.
- Die CID het eenkeer vir Poppie by haar werkplek gaan ondervra om uit te vind waar Jakkie was nadat hy gevlug het.
- Jakkie het na Bonsile in Mdantsane gevlug.
- Jakkie het toe vir Bonsile gevra om hom te help om na Basoetoeland te vlug.
- Poppie het aanvaar dat haar kinders, wat sy teen die geweld probeer beskerm het, sonder keuse by die geweld ingesleep is as gevolg van Jakkie.

### **Bonsile se rol in Poppie se lewe**

- Bonsile was Poppie se tweede kind.
- Hy het al vroeg probleme begin gee.
- Hy wou op sestienjarige ouderdom by sy pa in die Kaap gaan bly toe Poppie Mdantsane toe moes gaan.
- Hy was ontevrede toe hulle in Mdantsane aangekom het en het in die kamer gaan lê en het nie gehelp intrek nie.
- Bonsile het snags laat rondloop en was 'n groot bekommernis vir Poppie.
- Bonsile het 'n weeskind op skool swanger gemaak.
- Die pleegouers het "damage"-geld vir die swangerskap by Poppie kom vra.
- Bonsile kon nie vir Vukile, sy baba, gesorg het nie, want hy was op skool.
- Na Stone se dood het Poppie vir Vukile saam met haar Kaap toe geneem.
- Poppie sou vir Vukile 'n beter lewe gee al het dit beteken dat haar eie kind moes agterlaat.
- Poppie het haarself verwyt dat haar kinders ook by die opstande betrek is.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG****POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 8.1 Upington (1)
- 8.2.1
- Haar ma het op De Aar gaan werk.
  - Haar eie pa het nie vir haar gesorg nie.
  - Haar pa was oorlog toe.  
(Enige EEN) (1)
- 8.2.2
- (Haar ouma het vir haar die) Xhosa-geloof/tradisies (geleer).
  - (Haar ouma het haar geleer) Xhosa (praat).  
(Enige EEN) (1)
- 8.2.3 Hy het gesê Ouma het vir Poppie goed grootgemaak. (1)
- 8.3.1
- Om te spot met dronk mense.
  - Hulle mag nie vir oom Pengi gelag het as hy dronk was nie.  
(Enige EEN) (1)
- 8.3.2 Ouma het met hulle baklei/hulle geslaan. (1)
- 8.4.1
- Ouma het graag saam met hulle kerkliedjies/*Jerusalem/Guide me O Great Jehovah* gesing.
  - Sy het hulle kerk toe laat gaan.
  - Ouma was 'n kerkmens.
  - Ouma het spesiaal Upington toe getrek omdat daar kerke en skole was.  
(Enige EEN) (1)
- 8.4.2
- Sy het die kinders gemotiveer om Xhosa te praat.
  - Sy het geraas as hulle nie Xhosa gepraat het nie.  
(Enige EEN) (1)
- 8.5
- Hulle moes hulle kinders alleen (sonder mans) grootmaak.
  - Hulle altwee se mans is dood.
  - Hulle moes rondtrek (sodat hulle kinders kon skoolgaan).
  - Hulle het hulle kleinkinders op hulle rûe gedra.
  - Hulle kinders moes grootmense respekteer.
  - Albei was godsdienstig.
  - Albei het ma Lena se kinders opgepas.
  - Skool was vir albei baie belangrik.  
(Enige DRIE) (3)
- 8.6
- Poppie het nie 'n pas gehad nie.
  - Tydens ouma Hannie se jare was daar nie paswette nie.  
(Enige EEN) (1)
- 8.7 tyd in die natuur deurgebring. (1)

- 8.8
- Hulle het grootgeword in 'n Afrikaanse omgewing (Prieska).
  - Hulle het Afrikaans gepraat, want dit was vir hulle lekker.
  - Hulle het gesukkel om Xhosa te praat.  
(Enige EEN) (1)
- 8.9.1 Onwaar. (1)
- 8.9.2 Poppie het (ma Lena se) kinders opgepas. (1)
- 8.10.1 E Plank (1)
- 8.10.2 D Mosie (1)
- 8.10.3 B Hoedjie (1)
- 8.10.4 C Jakkie (1)
- 8.11
- A
  - A skoonmaker
  - skoonmaker (1)
- 8.12 Ja.  
Poppie het kinderdinge gedoen soos byvoorbeeld gom uit die boom gehaal.  
Poppie-hulle het hout op hulle koppe gedra.  
Poppie-hulle het die dronk oom geterg.  
OF  
Nee.  
Poppie het sonder 'n pa grootgeword.  
Sy moes op negejarige ouderdom uit die skool gaan.  
Sy moes op dertienjarige ouderdom begin werk.  
Sy moes op sestienjarige ouderdom trou.  
(Enige TWEE of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (2)
- 8.13
- C
  - C hulle agtergekom het dat Stone en Poppie mekaar liefgehad het.
  - hulle agtergekom het dat Stone en Poppie mekaar liefgehad het.  
(Enige EEN) (1)
- 8.14.1 Onwaar (1)
- 8.14.2 Sy het hom tata-ka-Bonsile/Bonsile se pa genoem./Sy mag hom nie op die naam genoem het nie. (1)
- 8.15.1 munisipaliteit (1)
- 8.15.2 eenkamerhuis (1)
- 8.15.3 sinkplaat (1)
- 8.15.4 tuintjie (1)

- 8.16 Mdantsane/Oos-Londen (1)
- 8.17
- Na die huwelik het die drama begin ontwikkel.
  - Poppie se moeilikhede het daar begin.  
(Enige EEN) (1)
- 8.18
- Sodat Poppie se kinders beter geleenthede/n beter lewe as Poppie kon hê.
  - Hulle het ook die reg gehad om skool te gaan.  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.19
- Vroue kan onder moeilike omstandighede hulle lewens verbeter.
  - Vrouens kan uitstyg bo hulle omstandighede.
  - Vroue het uithou vermoë.
  - Jy moet rekening hou met 'n vrou, sy is soos 'n rots.  
(Of soortgelyk) (1)
- 8.20 Ja.
- Sy het gehoop dat Bonsile se naam “iets het reggekam” waar sal word in hulle lewens.
  - Sy het gehoop dat haar tweede kind sou oorleef.  
(Enige EEN. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- [35]**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

**PALJAS – Chris Barnard**

**Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

**LIGGAAM:**

### **Manuel se aankoms en eerste ontmoeting met Willem op Toorwater**

- Die sirkustrein het op Toorwater in plaas van Uniondale aangekom.
- Die McDonalds was geskok om die trein op die stasie te sien.
- Hendrik was geskok en vies oor die aankoms van die sirkustrein op Toorwater, want niemand het hom as stasiemeester laat weet nie.
- Daar was agt trokke met diere.
- Willem het Manuel ontmoet toe Manuel met 'n olifant aan 'n tou in die veld gestap het.
- Manuel het Willem toegelaat om die olifant te lei.
- Willem het eers net die tou gehou, maar Manuel het gewys hoe om die tou te trek sodat die olifant kon volg.



- Willem het die olifant met groter selfvertroue begin lei.
- Op 'n manier het Manuel vir Willem laat deel voel van die sirkus.

### **Manuel se rol in Willem se lewe**

- Die sirkustrein het 'n paar dae later weggegaan, maar Manuel het agtergebly.
- Willem en Manuel het mekaar gereeld in 'n ou, vervalle skuur naby die stasie ontmoet en Willem was baie bly dat Manuel nie weggegaan het nie.
- Manuel en Willem het baie dinge saam gedoen, soos op kafbale gedans, in die veld gehardloop, die konsertina gespeel, hulle soos diere gedra en teen die mure geteken.
- Die nar het "hoendertaal" gepraat en dit was vir Willem so snaaks dat hy vir die eerste keer gelag het.
- Die nar het nie vir Willem anders of vreemd behandel omdat hy nie kon praat nie.
- Die nar in sy helder kleure het vir Willem 'n vriend geword.
- Willem het dit geniet om by die nar te wees en hy het van al die toertjies gehou.
- Die nar het vir Willem gewys hoe om die toertjies te doen.
- Willem het hierdie toertjies aan sy familie gewys. Dit het hulle lekker laat lag.
- Toe Hendrik en Katrien eendag voor Willem gestry het, het Willem weggegaan na Manuel toe.
- Die nar het presies geweet hoe om met Willem te kommunikeer. Manuel het Willem gevra om terug te gaan huis toe, want sy ouers sou bekommerd oor hom wees. Willem wou nie huis toe gaan nie, maar Manuel het hom oortuig om terug te gaan.
- Willem het gehuil, maar Manuel het hom probeer opbeur deur sy gesig te verf en hom raad te gee. Dit het Willem beter laat voel.
- Toe hy Hendrik wou wys waar Manuel was, het Willem vir die eerste keer gepraat. Willem se eerste woord was "Manuel".
- Manuel wou vir Willem beskerm en het toe besluit om kerk toe te gaan om die dominee verkeerd te bewys.
- Die verandering in Willem nadat hy Manuel bevriend het, was duidelik: hy het weer begin praat en geglimlag.
- Op daardie manier het hy ook vreugde aan sy familie gebring.

### **Die vriendskap wat tussen Manuel en Hendrik ontwikkel het**

- Toe Manuel geskiet is, het Hendrik hom huis toe gedra.
- Hendrik het Manuel aanvaar toe Willem gesê het Manuel was sy vriend.
- Manuel kon as gevolg van skok nie praat nie.
- Hendrik het Manuel aangemoedig om weer gesond te word.
- Hendrik het Manuel se sak se handvatsel vasgewerk.
- Hendrik het gesê Manuel het Willem se tong losgeknoop.
- Toe Manuel Hendrik bedank, het Hendrik gesê dat Manuel hulle baie gehelp het, want hy het Willem weer laat praat.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

- 10.1 Die dominee het gesê dat dit sonde was om jou gesig te verf. (1)
- 10.2 Dis waar hulle die vorige keer die vreemde dinge gesien het. (1)
- 10.3.1 Onwaar (1)
- 10.3.2
- Hendrik het eers van Manuel bewus geword toe hy die dag geskiet is.
  - Hendrik het gevra van watter hanswors hulle gepraat het.
  - Hendrik het vir Willem gevra wie die figuur was wat geskiet is.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.4 Hulle het gesê dat Willem
- kon toor.
  - met die maan gepla was.
  - se tong uitgesny was.
  - met duiwelsdinge besig was.  
(Enige TWEE) (2)
- 10.5 die dominee aan hulle kant was. (1)
- 10.6
- D
  - D sy ook stom was en haar tong ook afgesny was
  - sy ook stom was en haar tong ook afgesny was  
(Enige EEN) (1)
- 10.7 Jan Mol (1)
- 10.8
- Hy het gesê dat sy naam Manuel was.
  - Willem het gesê dat dit sy maat was.  
(TWEE feite) (2)
- 10.9
- Hendrik het vir Manuel in sy arms opgetel/huis toe gedra.
  - Hy het die geweer neergegooi.  
(Of soortgelyk) (1)
- 10.10
- Dit was Willem se geheim.
  - Willem was moontlik bang (vir sy ouers se reaksie/dat sy ouers hom sou weggehou het van Manuel af).  
(Enige EEN) (1)
- 10.11.1 toor (1)
- 10.11.2 aanvaar (1)
- 10.11.3 luister (1)

- 10.11.4 kommunikeer (1)
- 10.12.1 Onwaar (1)
- 10.12.2
- Manuel het besluit om weer terug te gaan sirkus toe
  - Manuel het na die sirkus begin verlang.  
(Enige EEN) (1)
- 10.13
- Die McDonalds het sy wonde versorg.
  - Katrien het sy narrepak reggemaak.
  - Hendrik het die ou leersak se hingsel/handvatsel vasgewerk.
  - Hulle het gesorg dat Manuel met al sy goed op 'n passasierstrein klim.
  - Hulle het vir hom kos gegee.
  - Hulle het vir hom huisvesting gegee.  
(Enige DRIE) (3)
- 10.14 Hendrik het gevoel dat Katrien geld gemors het. (1)
- 10.15 Na die (Volstruis)dans toe. (1)
- 10.16.1 D Hendrik (1)
- 10.16.2 C Emma (1)
- 10.16.3 B Sakkie (1)
- 10.16.4 A Willem (1)
- 10.17
- Katrien het dit nie verwag nie (omdat sy en Hendrik verwyder van mekaar was).
  - Hendrik en Katrien het nie eintlik met mekaar gekommunikeer nie.
  - Die verhouding tussen hulle was in hierdie stadium nie goed nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.18
- D
  - D konsertina
  - konsertina  
(Enige EEN) (1)
- 10.19
- Hendrik was vriendelik/gasvry.
  - Hendrik het hulle dadelik ingenooi.  
(Of soortgelyk) (1)
- 10.20
- As hulle praat, kan hulle 'n oplossing kry.
  - Die gesin se kommunikasieprobleem sal opgelos word.
  - Hulle gaan leer om na mekaar te luister.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.21 Dit simboliseer geleenthere/n wegkomkans/vryheid/aankoms. (1)

- 10.22
- Die verhouding tussen die McDonalds en die dorpsmense was beter/ gesonder.
  - Die verhouding was sleg/het versleg. (Indien die kandidaat dink aan die verhouding DIREK na die eiergooiery. (Of soortgelyk) (1)
- 10.23
- Daar is nou hoop vir die gesin.
  - Die gesin het baie probleme uitgestyg.
  - Dit wys op geluk. (Indien die kandidaat verwys na die konsertina se musiek.)
  - Die paljas het gewerk. (Of soortgelyk) (1)
- TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### STORIEJOERNAAL

#### VRAAG 11: OPSTELVRAAG

##### *Die storie van Piet se oupa – AH de Vries*

##### Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

**INLEIDING:** Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

##### LIGGAAM:

##### **Oupa se tagtigste verjaardagpartytjie**

- Piet Wessie se oupa was nie 'n gewone bejaarde nie.
- Oupa moes volgens almal in sy familie nog eers "grootword".
- Oupa het sy eie verjaarsdagpartytjie gereël.
- Oupa het die VLV-vroue gehuur om die kos vir die partytjie voor te berei.

##### **Die vrouens in Oupa se lewe**

- Oupa het gevoel hy lewe en was nog lank nie dood nie.
- Oupa het by baie vrouens gekuier.
- Oupa het eenkeer tot vroegoggend by 'n sekere weduwee gekuier.
- Oupa het eers 04:30 die volgende oggend teruggekeer.
- Oupa het sy seun van die kuiertjie vertel.
- Oupa het by die weduwee van Calitzdorp in die vrykamer (gastekamer) oornag.
- Dié weduwee was "Oupa se toom", want sy kon hom goed beheer.
- Oupa het 'n bynaam van "ramkat" gekry, omdat hy so woelig was onder die vrouens.
- Die weduwee van wie Oupa so baie gehou het, het gesterf.
- Oupa was baie hartseer oor haar dood.

- 'n Maand later het Oupa by 'n ander weduwee by die ouetehuis begin kuier.
- Oupa het hom goed gedra, maar Woensdae-aande as matrone uit was, dan was dit 'n ander ding.
- Oupa het elke jaar by sy kleindogter, Trudie, gaan kuier.
- Oupa het saam met Trudie se man, Doon, dorp toe gegaan.

### **Wat die dag gebeur het toe Oupa in die hospitaal beland het**

- Oupa het vroeër daardie oggend sleg gevoel en van hoofpyn gekla.
- Trudie het vir Oupa 'n poeiertjie gegee en die hoofpyn was weg.
- Oupa, Trudie en Doon het rekeninge in die dorp gaan betaal.
- Oupa en Doon het sy dop by die kroeg gaan drink.
- Oupa het gebraaide vleis/ allegaartjie ("mixed grills") geëet, wat sy gunstelingkos was.
- Oupa het van sy stoel afgeval, terwyl hy nog aan sy tjoppie geëet het.
- Doon het gedink Oupa was dood.
- Trudie was so geskok gewees, dat sy Oupa nie met noodhulp kon help nie.
- 'n Ander verpleegster het probeer om Oupa by te bring.
- Die verpleegster het 'n ambulans voorgestel.
- Die twee ambulansmanne het Oupa alleen agterin gelaai.
- As gevolg van die slaggate in die pad het die ambulans geskud en Oupa wakker gemaak.
- Die ambulansmanne het die "lyk" regop sien sit toe hulle die ambulansdeur oopgemaak het.
- Die een ambulansman het flou geval en die ander een het weggehardloop.
- Oupa het positief gereageer op al die dokter se toetse – Oupa was perdfris en gesond gewees.
- Die dokter het gebel dat Trudie-hulle vir Oupa moes kom afhaal.
- Trudie het die dokter misverstaan en wou Oupa met sy kis gaan haal het.
- Trudie het gedink die dokter bedoel sy moes oupa se "lyk" kom afhaal het.
- Oupa is gesond verklaar en het laatmiddag saam met Trudie-hulle huis toe gegaan.
- Oupa het nog gespot oor die tjoppie wat amper sy dood veroorsaak het.

**SLOT:** Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

**[35]**

## **STORIEJOERNAAL**

### **VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

#### **Rooi Kombersie – Rachelle Greeff**

- |      |   |     |
|------|---|-----|
| 12.1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• 29 jaar</li> <li>• Van die vakansie voor sy universiteit toe is.</li> <li>• Volgens die uittreksel een jaar.</li> <li>• 30 jaar<br/>(Enige EEN)</li> </ul> | (1) |
| 12.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lila het die kombersie in 'n spesiale sak gesit.</li> <li>• Lila het dit met mottegif (naftaleen) behandel.<br/>(TWEË feite)</li> </ul>                    | (2) |

- 12.3.1 enkelbed (1)
- 12.3.2 gewigloos (1)
- 12.3.3 tamaties (1)
- 12.3.4 kole (1)
- 12.4 B al die ervarings van haar eerstejaar saamgevat het huis toe. (1)
- 12.5 Lila het in die vlamme/huis ingehardloop✓ om die kombars te gaan haal✓. (TWEË feite) (2)
- 12.6
- 'n Mens voel magteloos/hulpeloos/kwesbaar teen 'n brand.
  - Jy besef die nietigheid van die mens.  
(Of soortgelyk) (1)
- 12.7 rooi kombarsie beskadig (1)
- 12.8.1 B Ma (1)
- 12.8.2 D Daniel (1)
- 12.8.3 C Inbreker (1)
- 12.8.4 E Oom Kakie (1)
- 12.9
- C
  - C die bewaring van die natuur vir haar belangrik was.
  - die bewaring van die natuur vir haar belangrik was.  
(Enige EEN) (1)
- 12.10.1 Onwaar (1)
- 12.10.2
- Die begin en einde verwys na die hede/Lila as volwasse vrou/Lila in Kaapstad saam met Daniel met terugflitse tussenin.
  - Die gebeure in die kortverhaal wissel tussen die hede en die verlede.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.11 Die rowers het
- Lila se mond (met maskeerband) toegeplak.
  - 'n mes teen haar keel gehou.
  - Hulle gedwing om te wys waar die juwele/vuurwapens/kluis/selfone was.
  - hulle (aan die bed se pote) vasgebind.
  - vir Lila die rooi kombarsie gegee.
  - vir Daniel gestamp (dat hy op die bed val).
  - vir Lila seergemaak toe hy die maskeerband afgetrek het.
  - vir Daniel en Lila gedreig dat hulle sou terugkom.  
(Enige DRIË) (3)

- 12.12.1 rustig/vreedsaam/gemeensaam/kalm/gelukkig/gemaklik  
(Die klem val op die ATMOSFEER.) (1)
- 12.12.2 Dit was vir haar 'n simbool van veiligheid/beskerming/sekuriteit/vertroosting. (1)
- 12.13
- Sy bankkaart
  - (Pin)nommer
  - Die Pajero/sy voertuig/sy motor  
(Enige TWEE dinge) (2)
- 12.14.1 Onwaar (1)
- 12.14.2 Lila het gegil/geskree. (1)
- 12.15
- Rewolwer/vuurwapen
  - Mes/meslemme  
(Enige EEN) (1)
- 12.16 (vergulde) pen/Die pen wat Lila vir Daniel gegee het. (1)
- 12.17
- Lila wou nooit enige iets doodgemaak het nie, maar aan die einde van die verhaal is haar lewe bedreig ✓✓.
  - Lila het omgee vir haar omgewing, maar die inbrekers het nie omgee vir haar omgewing nie ✓✓.  
(Of soortgelyk. Twee punte of nul.) (2)
- 12.18 Ja.  
Dit is beter om kalm te bly in so 'n situasie.  
Daniel se optrede het hulle lewens op daardie stadium gered.  
Dit is beter om vir die rowers te gee wat hulle wil hê.  
Daniel het die rowers kalm gehou.  
Niemand het seergekry nie.
- OF
- Nee.  
Die rowers was amateurs en Daniel kon hulle oorval het.  
Daniel kon geskree het en so die rowers weggejaag het.  
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 12.19
- Moet nooit te gerus wees nie.
  - Maak seker jy en jou besittings word teen inbrake beskerm.
  - Hou jou deure gesluit.
  - Moenie rowers teengaan nie.
  - Bly kalm.
  - Maak seker dat jy 'n alarm het.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.20
- Misdad/Inbrake.
  - Onskuldige mense ly onder misdad.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]****TOTAAL AFDELING C: 35**

**AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG****Stad in die mis – DJ Opperman**

- 13.1 In 'n stad (½)
- 13.2 “gespanne”/bang/angstig/bedreig/senuweeagtig/onveilig/vreesbevange/  
bevrees  
(EEN WOORD) (1)
- 13.3.1 Enjambement (1)
- 13.3.2 Leestekens (1)
- 13.4.1 B besoedeling (1)
- 13.4.2 C dakke (1)
- 13.4.3 A verkeersligte (1)
- 13.5 mote (nie “oop” nie)  
(EEN WOORD) (1)
- 13.6.1 Onwaar (1)
- 13.6.2 “ek hoor hom knor en in oop mote”  
(EEN versreël volledig uitgeskryf.) (1)
- 13.7 waggel  
(EEN WOORD) (1)
- 13.8 Alliterasie (1)
- 13.9 knor  
hap  
(TWEË dinge) (2)
- 13.10 • die dier/monster/ondier  
• die stad  
(Enige EEN) (1)
- 13.11 Die spreker moet  
• weet waar die gevare in die stad skuil.  
• die stad leer ken.  
• versigtig in die stad wees.  
• nooit alleen loop nie.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)



- 13.12
- A
  - A gevaarlike
  - gevaarlike  
(Enige EEN)
- (1)
- 13.13
- Die stad is 'n koue plek.
  - Die stad is 'n vyandige plek.
  - Die stad is 'n onpersoonlike/onnatuurlike plek.
  - Die stad is hard en gevaarlik.
  - Die stad hou verband met die volgende gevoelens/belewenisse:  
vrees/angs/spanning/bang/onsekerheid/liefdeloosheid/onheil  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)  
[17½]

#### VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

##### Things that go bump in the night – Rosa Keet

- 14.1 geluid(e)/klank/geraas/slag  
(EEN WOORD) (½)
- 14.2
- Die klanke/geluide word harder/duideliker.
  - (Hoe minder die spreker wil luister), hoe meer hoor die spreker die geluide.
  - “hoe harder klink die klank”  
(Enige EEN)
- (1)
- 14.3 “onbekend(e)”  
(EEN WOORD) (1)
- 14.4 Nee.  
Die spreker behoort die huis te ken.  
Die dinge waarvoor sy/hy skrik is net die spreker se verbeelding.  
OF  
Ja.  
Die spreker hoor allerhande vreemde geluide.  
Die spreker sien dinge wat hom/haar bangmaak.  
Die spreker kan allerhande geluide identifiseer.  
Die spreker is alleen/in die donker (en daarom is hy/sy bang.)  
(Enige EEN of soortgelyk. MOTIVERING verdien die punt.) (1)
- 14.5.1 onvermoë (1)
- 14.5.2 vrees (1)
- 14.6 (Na) slaap. (1)
- 14.7 Die (naaldekoker)straatlig. (1)

- 14.8.1 Onwaar (1)
- 14.8.2 “deur skaars bewegende blare” (1)
- 14.9 (Die pyp van die) **stofsuiers** lyk soos ’n **slang** ✓✓. (2)  
(Twee punte of nul)
- 14.10 verbeelding (1)
- 14.11.1 C assonansie (1)
- 14.11.2 B alliterasie (1)
- 14.11.3 D metafoor (1)
- 14.12
- B
  - B dood
  - dood
- (Enige EEN) (1)
- 14.13
- Dit verwys na ’n bekende Engelse frase.
  - Die titel dui op ’n Skotse/Engelse (kinder)gebed (wat vreemde bangmaakdinge moes weghou).
  - Dit is ’n intertekstuele verwysing.
- (Enige EEN) (1)
- [17½]**

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG****Spore op die maan – Koos du Plessis**

- 15.1
- Ek-spreker
  - Eerstepersoonspreker
- (Enige EEN) (½)
- 15.2
- Daar is geen onbesoedelde plek nie.
  - Die plan gaan nie werk nie.
  - Die plan maak nie sin nie.
  - Kan nie ’n antwoord/plan formuleer nie.
  - Dit is te laat.
  - Daar is geen uitkoms nie.
- (Of soortgelyk) (1)
- 15.3
- Die mens/Ons.
  - Die ruimtevaarders.
  - Die lande wat ruimte-reise onderneem.
- (Enige EEN) (1)

- 15.4      • Daar was (alreeds) mense op die maan.  
            • Dit dui op besoedeling wat (reeds) versprei het.  
            (Enige EEN) (1)
- 15.5      Dit verwys na die neonligte/liggies/ligte van die stad. (1)
- 15.6.1    B      alliterasie (1)
- 15.6.2    C      metafoor (1)
- 15.6.3    A      persoonifikasie
- OF (1)
- B      alliterasie
- 15.7.1    Onwaar (1)
- 15.7.2    • “Daar is geen nuwe paaie om te baan;”  
            • “Ontvlug is onbegonne”  
            (Enige EEN. Die aanhaling kom uit strofe 3.) (1)
- 15.8      “gesloop”  
            (EEN WOORD) (1)
- 15.9.1    Rusper(leërs)/Wurm(s) (1)
- 15.9.2    Die mens verwoes/vernietig die natuur.  
            (Of soortgelyk) (1)
- 15.10     • C  
            • C      daar gekyk word of mense op die planeet Venus kan gaan bly.  
            • daar gekyk word of mense op die planeet Venus kan gaan bly.  
            (Enige EEN) (1)
- 15.11     **GEVOEL:** (1)  
            moedeloosheid/wanhopigheid/frustrasie/moeg/teleurstelling/verslae/misnoeë
- REDE:**
- Die spreker besef daar is nie ’n ander uitweg/heenkome nie.  
            • Die mens is oral/besoedel oral. (1)  
            (Enige EEN of soortgelyk)
- 15.12     liriekvorm (1)
- 15.13     • Ek moet die natuur bewaar.  
            • Ek moet respek hê vir die natuur.  
            • Ek moet versigtiger wees oor hoe ek in die natuur leef.  
            (Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[17½]**

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG****Die hanswors – SJ Pretorius**

- 16.1 (By die) sirkus/sirkustent (½)
- 16.2
- oor sy boggel
  - oor sy kromheid
  - oor sy vergroeide ruggraat
  - sy rug/lyf/liggaam  
(Enige EEN)
- (1)
- 16.3 hatig (1)
- 16.4 “vent”  
(EEN WOORD kom uit strofe 2.) (1)
- 16.5
- Om rustigheid/afgesonderdheid/gevoel van “veiligheid”/vrede/aanvaarding te soek.
  - Die diere het hom nie verwerp nie.
  - Om van die mense weg te kom.
  - Die hanswors het eensaamheid gaan soek.
  - Om sy pos/brief daar te gaan lees.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 16.6 Die hanswors se klere was stukkend/verslete/oud/toingrig/gedaan/geskeur. (1)
- 16.7
- Dit het hom getroos/bemoedig/hoop gegee.
  - Dit het sy verlange minder gemaak.
  - Dit het hom van sy pyn laat vergeet.
  - Hy het na aan die skrywer van die brief gevoel.
  - Die brief het van iemand gekom wat omgee het.
  - Die brief was belangrik/spesiaal.  
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 16.8
- D
  - D verbaas
  - verbaas  
(Enige EEN)
- (1)
- 16.9 “ewige reuk”  
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 16.10 “dood uittart”  
(TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)
- 16.11.1 Waar (1)
- 16.11.2 “dat almal skater van die wonder,”  
(Die VERSREËL word volledig aangehaal.) (1)

- 16.12
- Die hanswors het (baie) geld vir die baas gemaak.
  - Die hanswors het nog die mense gelok.  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.13
- Dit dui tydsverloop aan.
  - Hy het hierdie keer anders op die brief gereageer
  - Dit dui op 'n wending in die gedig.
  - Dit dui op 'n verandering in die toneel/toon/atmosfeer in die gedig.
  - Hy het na sy moeder se sterfbed toe gegaan.
  - Dit suggereer dat die aard van die brief anders was.
  - Dit skep spanning by die leser (oor die inhoud van die brief). (NIE BY DIE NAR NIE)  
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.14
- Sy trane het hom “blind” gemaak.
  - Hy het gehuil.  
(Enige EEN) (1)
- 16.15.1 C kabouters (1)
- 16.15.2 D duivelstreke (1)
- 16.15.3 A aapagtig (1)

**[17½]****TOTAAL AFDELING D: 35**  
**GROOTTOTAAL: 70**

**RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG**

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
<b>Kode 7 A 80–100%</b>	Uitmuntend <b>20 tot 25 punte</b>	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend <b>08–10 punte</b>	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
<b>Kode 6 B 70–79%</b>	Verdiensielik <b>17½–19½ punte</b>	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik <b>7–7½ punte</b>	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
<b>Kode 5 C 60–69%</b>	Beduidend <b>15–17 punte</b>	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend <b>6–6½ punte</b>	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
<b>Kode 4 D 50–59%</b>	Voldoende <b>12½–14½ punte</b>	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende <b>5–5½ punte</b>	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
<b>Kode 3 E 40–49%</b>	Matige <b>10–12 punte</b>	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige <b>4–4½ punte</b>	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
<b>Kode 2 F 30–39%</b>	Basiese <b>7½–9½ punte</b>	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese <b>3–3½ punte</b>	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
<b>Kode 1 F tot H 0–29%</b>	Ontoereikend <b>0 tot 7 punte</b>	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereiken d <b>0–2½ punte</b>	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**NOVEMBER 2012**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genummer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.

LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.



**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1


**'N VAKANSIEDAG WAT EK NOOIT  
SAL VERGEET NIE!**

Jy hou baie van vakansiedae, want jy en jou gesin doen altyd iets spesiaals op so 'n dag. Daar is egter één spesifieke vakansiedag wat jy nooit sal vergeet nie.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel wat daardie spesifieke dag gebeur het, waar dit gebeur het en hoe die gebeurtenis jou en jou gesin se lewens beïnvloed het.

**[50]**

1.2

**'N GROOT TELEURSTELLING!**


[Uit: *Huisgenoot*, 22 Desember 2011]

Jy het die mooiste foto's met jou nuwe digitale kamera geneem. Toe het die kamera weggeraak en daarmee saam die foto's van die spesiale geleentheid. Jy was baie teleurgesteld.

Skryf 'n opstel hieroor.

**[50]**

1.3 **BEHOORT LEERDERS 'N DERDE TAAL  
OP SKOOL TE LEER?**



Suid-Afrika het elf amptelike tale. Om 'n goeie burger van hierdie land te wees, behoort 'n mens ten minste drie van hierdie elf tale te kan praat. Dit beteken dat leerders op skool drie tale behoort te leer. Stem jy saam hiermee?

Skryf 'n opstel waarin jy jou opinie gee.

[50]

1.4 **EK HET DOELWITTE OM IN DIE TOEKOMS TE BEREIK!**



[Uit: <http://www.google.com>]


Jy is uiteindelik klaar met matriek. Jy het DRIE doelwitte vir jouself gestel wat jy na skool wil bereik.

Skryf 'n opstel waarin jy verduidelik watter DRIE doelwitte jy vir jouself vir die toekoms gestel het. Vertel ook hoe jy dit gaan bereik, selfs al moet jy sekere dinge in die toekoms anders doen.

[50]

1.5

## Verkies tieners selfone bo geselskap?



[Uit: Vrouekeur, 27 Januarie 2012]

Is dit so dat tieners deesdae eerder met hulle selfone besig raak as om met familie en vriende te kuier of te gesels?

Skryf 'n opstel hieroor.

[50]

1.6

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

1.6.1



[Uit: google <http://www.google.com>]

[50]

1.6.2



[Uit: *Re a ipela*, 2006]

[50]

1.6.3



[Uit: <http://www.google.com>]

[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

**2.1 FORMELE BRIEF**

[Uit: <http://www.google.com>]

Die gemeenskap op jou dorp wil hê dat die munisipaliteit hulle moet help om groen te leef – hulle gaan water en krag bespaar, bome plant, groentetuine maak en die omgewing skoon hou.


Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder waarin jy hom/haar vertel van die gemeenskap se besluit en sê ook hoe die munisipaliteit die gemeenskap met hierdie projek kan help.

**[30]**

## 2.2 TOESPRAAK: FORMEEL



Verwerk: Moeder Teresa



[Uit: <http://www.google.com>]

Die onderwyser wat die matriekafskied reël, het jou gevra om die spreker vir die aand te wees.

Skryf 'n **toespraak** waarin jy die matriekleerders aanmoedig om volgens Moeder Teresa se woorde te leef.

[30]

**2.3 DIALOOG**

[Uit: <http://www.google.com>]

Jou vriend/vriendin wou onlangs selfmoord pleeg, maar jy kon dit regkry om hom/haar van plan te laat verander.

Skryf die **dialoog** wat tussen julle twee plaasgevind het.

[30]

**2.4 SKOOLKOERANTARTIKEL**

[Uit: *Huisgenoot*, 22 Desember 2011]

Elke jaar wil matriekleerders spesiale baadjies hê om anders te lyk as die res van die skool. Baie ouers kla dat dit te duur geword het.

Skryf 'n **artikel** vir jou skoolkoerant hieroor.

Gee jou koerantartikel die onderstaande opskrif:

**Is daardie matriekbaadjie regtig nodig?**

[30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TEKST: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN  
TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.  
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

**3.1 ADVERTENSIE**



[Uit: *Huisgenoot*, 22 Januarie 2012]

As deel van 'n gemeenskapsprojek het jy en 'n paar vriende besluit om die ouetehuis op julle dorp skoon te maak en te verf. Julle wil graag die ander jongmense op die dorp vra om met hierdie projek te kom help.

Ontwerp 'n **advertensie** (A4-grootte) waarin jy die ander jongmense op julle dorp oor hierdie projek inlig en hulle uitnooi om betrokke te raak.

[20]

**3.2 POSKAART**

Jy is een van die leerders uit jou provinsie wat gekies is om saam met die President van Suid-Afrika 'n byeenkoms vir jongmense by te woon.


Skryf 'n **poskaart** aan jou beste maat waarin jy vertel van jou ervarings, wat julle gedoen het en wie jy ontmoet het.

Teken die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor en skryf jou boodskap volledig uit.

	<b>POSSEËL</b>

[20]



**3.3 INSTRUKSIES**

[Uit: *Clipart*]

Jy het by jou ouers toestemming gekry om ná die matriekafskied 'n partytjie by julle huis te hou. Hulle het egter duidelike instruksies gegee oor wat jy en jou vriende mag doen en nie mag doen nie.

Skryf die TIEN **instruksies** neer wat jou ouers vir jou en jou maats gegee het.

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2012**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

1. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.
2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  
  
AFDELING A: Gedigte (30)  
AFDELING B: Prosa (25)  
AFDELING C: Drama (25)
3. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
4. Voorgestelde tydsindeling:  
  
AFDELING A: ongeveer 40 minute  
AFDELING B: ongeveer 55 minute  
AFDELING C: ongeveer 55 minute
5. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

<b>AFDELING A: GEDIGTE</b>			
<b>Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.</b>			
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BLADSY</b>
1. Safari	Opstelvraag	10	5
<b>OF</b>			
2. Die skedel lag al huil die gesig	Kontekstuele vraag	10	6
<b>OF</b>			
3. Vroegherfs	Kontekstuele vraag	10	7
<b>OF</b>			
4. "last grave at dimbaza"	Kontekstuele vraag	10	8
<b>EN</b>			
<b>Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.</b>			
5. Die wêreld het so klein geword	Opstelvraag	10	10
<b>OF</b>			
6. Die wêreld het so klein geword	Kontekstuele vraag	10	11
<b>AFDELING B: ROMAN</b>			
<b>Beantwoord EEN vraag.*</b>			
7. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Opstelvraag	25	12
<b>OF</b>			
8. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Kontekstuele vraag	25	12
<b>OF</b>			
9. <i>Manaka – Plek van die Horings</i>	Opstelvraag	25	15
<b>OF</b>			
10. <i>Manaka – Plek van die Horings</i>	Kontekstuele vraag	25	15
<b>OF</b>			
11. <i>Vatmaar</i>	Opstelvraag	25	18
<b>OF</b>			
12. <i>Vatmaar</i>	Kontekstuele vraag	25	18
<b>AFDELING C: DRAMA</b>			
<b>Beantwoord EEN vraag.*</b>			
13. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	25	21
<b>OF</b>			
14. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	25	21
<b>OF</b>			
15. <i>Mis</i>	Opstelvraag	25	23
<b>OF</b>			
16. <i>Mis</i>	Kontekstuele vraag	25	24

**\* LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>GETAL VRAE BEANTWOORD</b>	<b>MERK ✓</b>
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5–6	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	7–12	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	13–16	1	
<b>LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG onderskeidelik uit AFDELING B en AFDELING C.</b>			

**AFDELING A: GEDIGTE****VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Safari – DJ Opperman**

1 Niks  
2 staan  
3 stil –  
4 alles  
5 kry  
6 voete,  
7 beweeg  
8 in  
9 lang  
10 stoete:  
11 grassteeltjies,  
12 kosyne,  
13 stede  
14 en  
15 treine;  
16 oor  
17 Saharas  
18 en  
19 savannes  
20 die  
21 optog  
22 van  
23 alle  
24 paaie  
25 oor  
26 die  
27 wêreldrond  
28 na  
29 die  
30 gaatjie  
31 in  
32 die  
33 grond  
34 o

[Uit: *Kuns-mis*, 1964]

Die gedig *Safari* is 'n gedig waar die tipografie 'n belangrike rol speel. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Die soort gedig (1 feit)
- Die tema van dié gedig en hoe die titel by die tema aansluit (2 feite)
- Hoe die tipografie die tema van die gedig ondersteun (3 gemotiveerde feite)
- Jou mening oor die geslaagdheid van dié tipografie van die gedig (1 gemotiveerde feit)

**[10]****OF****VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

- 1 Eendag sal ek, weet ek, die dood  
2 met laggende skedel trotseer. Minstens  
3 my sin vir humor sal ek behou. Maar  
4 of ek soos oorlee mevrou Ples en soos  
5 die bloubok van my geboorteland  
6 ook 'n glaskas in 'n museum sal haal?  
7 'n Seldsame dier is die mens nou nie juis.
- 8 Tog, hoe slim tog is ons met ons  
9 innerlike uurwerkvernuf, hoe sterk  
10 die groot swaaiende hyskraangebare  
11 waarmee ons wolkekrabbers reghoekig  
12 neerplak in woon- en sakekomplekse.  
13 Merkwaardig ons grabbelende navorsing  
14 dwarsdeur dolomiet om ons arms diep  
15 soos skagte te sink en die grys erts  
16 te gryp en op te trek, te vergruis en te  
17 veredel tot staaf op staaf korfagtig  
18 gepakte kluisse van belegging. A ja,  
19 wonderbaarlik ons vermoë om weggooisand  
20 tot vuurstof te verryk wat as ons wou  
21 alles onherhaalbaar in allerlaaste oplaaiing  
22 woes skoon kan laat ontbrand.
- 23 Ek sê mos die skedel lag  
24 al huil en huil die gesig.

[Uit: *Van vergeetelheid en van glans*, 1976]

2.1 Haal die woord uit die titel aan wat die twee kante van die ironie skei.

**(1)**

2.2 Lees weer strofe 1.

- Noem TWEE sieninge wat die spreker met betrekking tot die mens huldig. (2)
- 2.3 Hoe word die sekerheid van die skedel se einde in versreël 1–2 uitgehef? (1)
- 2.4 Waarna verwys *uurwerkvernuf* (versreël 9)? (1)
- 2.5 Watter effek bereik die digter met die vooropplasing/voorplasing van *neerplak* (versreël 12)? (1)
- 2.6 Wat is die funksie van die d-alliterasie in versreël 14? (1)
- 2.7 Watter gevolg hou die mens se intellektuele vermoë volgens versreël 19–22 vir homself in? (1)
- 2.8 Stem jy saam met die insig waartoe die spreker in versreël 23–24 kom? Motiveer jou antwoord. (2)
- [10]**

### OF

### VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

#### Vroegeherfs – NP van Wyk Louw

- 1 Die jaar word ryp in goue akkerblare,  
 2 in wingerd wat verbruin, en witter lug  
 3 wat daglank van die nuwe wind en klare  
 4 son deurspoel word; elke blom word vrug,  
 5 tot selfs die traagstes; en die eerste blare val  
 6 so stilweg in die rook-vaal bos en laan,  
 7 dat die takke van die lang populiere al  
 8 teen elke ligte môre witter staan.  
 9 O Heer, laat hierdie dae heilig word:  
 10 laat alles val wat pronk en sieraad was  
 11 of enkel jeug, en vér was van die pyn;  
 12 laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort  
 13 my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas  
 14 en nakend uit my teerder jeug verskyn.

[Uit: *Die halwe kring*, 1937]

- 3.1 Haal 'n frase uit versreël 1–4 aan wat aansluit by die verwagting wat die titel skep. (1)
- 3.2 Wat wil die spreker vir ons sê met die woorde *elke blom word vrug* (versreël 4) en hoe sluit dit by die tema aan? (2)
- 3.3 Skryf een woord uit versreël 5–8 neer wat op stadig/onwillig dui. (1)
- 3.4 Haal 'n frase uit die oktaaf aan wat by die stropingsproses van die natuur aansluit. (1)



- 3.5 Waarom is die gebruik van die dubbelpunt in versreël 9 funksioneel? (1)
- 3.6 In versreël 12–13 kom 'n metafoor voor. Verduidelik die funksie daarvan. (1)
- 3.7 Wat word versreël 9–14 in 'n sonnet genoem? (1)
- 3.8 Motiveer of die oktaaf (versreël 1–8) effektief in versreël 9–14 toegepas word. (2)
- [10]

OF

#### VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

##### “last grave at dimbaza” – Fanie Olivier

- 1 beauty douglas was born  
2 op 'n wintersnag so all forlorn  
3 omring deur die sterre se liggies  
4 en koerante kaal klip  
5 en nuuskierige hande  
6 en tien ander gesiggies  
7 a 'n dogter oplaas 'n dogter  
8 om beeste te kry om die wêreld  
9 te wei a dis lekker  
10 om 'n vader te is te is
- 11 die ma het 'n briefie geskryf  
12 aan haar man op die myne  
13 om te sê van die kind en te vra van die geld  
14 want dit was sy kind die dogter  
15 was syne om te sê: o my man  
16 o my man ek het beeste gebaar  
17 op 'n wintersnag so all forlorn  
18 met die sterre soos goud en die mielies klaar  
19 beauty douglas your daughter was born
- 20 sy hart het oopgeskiet tussen lae klip  
21 opgeskiet boontoe en oopgevou  
22 in 'n laatnagbrief: my vrou  
23 my vrou sê aan beauty douglas  
24 haar pa het haar lief.
- 25 hy't sy brief gepos met sy viersentseël  
26 'n lugposbrief aan beauty douglas  
27 om te sê hy't haar lief  
28 die adres was mnxesha

29 oor kingwilliamstown kaap

30 saans as hy sy moegheid streef  
31 het hy gedroom van sy meisiekind  
32 en op 'n sonskynmiddag twee maande later  
33 het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

34 "beauty douglas was born  
35 she died"

[Uit: *skimmellig*, 1978]

- 4.1 Hoekom word aanhalingstekens by die titel gebruik? (1)
- 4.2 Bewys uit die gedig dat beauty douglas in primitiewe omstandighede gebore is. (1)
- 4.3 Benoem die beeldspraak wat in versreël 6 aangetref word. (1)
- 4.4 Waarom is die verwysing na beeste belangrik vir die kulturele agtergrond van beauty se ma? (1)
- 4.5 Noem TWEE van die sake wat die ma in die brief aan haar man noem. (2)
- 4.6 Waarom is die gebruik van die frase *oopgeskiet tussen lae klip* (versreël 20), om die pa se vreugde te beskryf, funksioneel? (1)
- 4.7 Haal die kontras aan wat in versreël 30–35 voorkom. (1)
- 4.8 Lewer krities kommentaar oor die gebruik van Engels in hierdie gedig. (2)

**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG****Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz**

1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakke,  
2 deel granate in die boord,  
3 lees boeke in hulle soeke na kennis  
4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

5 As kind bly my ma op 'n ruim erf  
6 met 'n grasperk en twee bome,  
7 sit sy vasgenael voor die kassie –  
8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.  
9 Sy ken mense wat al oorsee was!  
10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek  
11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,  
13 die web is my werf en Gumtree my boom.  
14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte  
15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.  
16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry  
17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.  
18 Die moontlikhede is duiselingwek-  
19 kend GROOT en die wêreld het so  
20 klein geword dit pas in die  
21 twaalf vierkante  
22 meter van my  
23 kamer  
24 in.

[Uit: *Toulopers, verse vir tieners*, 2011]

Die kontras tussen die voordele en nadele van tegnologiese ontwikkeling kom in hierdie gedig sterk na vore.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde deur na die volgende te verwys:

- Die woordkeuse wat tegnologiese vooruitgang aandui (progressie) (3 feite)
- Die redes wat die agteruitgang in interaktiewe kommunikasie (regressie) aandui (2 gemotiveerde feite)
- Die bydrae wat die strofepbou of versreëls ten opsigte van dié kontras tussen die voordele en nadele van tegnologiese ontwikkeling lewer (1 gemotiveerde feit)
- Jou mening oor die invloed van tegnologie op interaktiewe kommunikasie (1 gemotiveerde feit)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG****Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz**

1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,  
2 deel granate in die boord,  
3 lees boeke in hulle soeke na kennis  
4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

5 As kind bly my ma op 'n ruim erf  
6 met 'n grasperk en twee bome,  
7 sit sy vasgenael voor die kassie –  
8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.  
9 Sy ken mense wat al oorsee was!  
10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek  
11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,  
13 die web is my werf en Gumtree my boom.  
14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte  
15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.  
16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry  
17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.  
18 Die moontlikhede is duiselingwek-  
19 kend GROOT en die wêreld het so  
20 klein geword dit pas in die  
21 twaalf vierkante  
22 meter van my  
23 kamer  
24 in.

[Uit: *Toulopers, verse vir tieners*, 2011]

- 6.1 Hoekom is hierdie gedig 'n vrye vers? (1)
- 6.2 Hoe word die kontras tussen die *wye vlakte* (versreël 1) en die *ruim erf* (versreël 5) tipografies uitgehef? (1)
- 6.3 Bewys uit strofe 1 dat die ouma nie 'n moderne telefoon gehad het nie. (1)
- 6.4 Haal 'n versreël aan wat aandui dat televisie mense geboei het. (1)
- 6.5 Watter emosie dui die uitroepteken in versreël 9 aan? (1)
- 6.6 Skryf die betekenis van versreël 12 in jou EIE woorde. (1)
- 6.7 Wat beteken die oksimoron in versreël 15? (1)
- 6.8 Hoe dra die hooflettergebruik in versreël 19 by tot die tema van die gedig? (1)
- 6.9 Op watter wyse kontrasteer die strofepbou met die titel? (1)
- 6.10 Motiveer hoekom jy met die spreker se gevolgtrekking saamstem. (1)

**[10]****TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG*****DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Die sentrale tema van die roman, *Die kwart-voor-sewe-lolie*, word deur die volgende aanhaling saamgevat:

“Die volgende oggend was die fyn wit blom verlep, maar daar was nog heelparty knoppe aan die stingel.”

Bespreek hierdie tema in 'n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Iris, Peter en Billy dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Iris se lewe beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Iris was (1 gemotiveerde feit)

**[25]****OF****VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG*****DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

- |    |   |
|----|---|
| 1  | “Elsa lyk grotesk,” het Kara vir my gesê toe ek een aand by     |
| 2  | haar en haar woonstelmaat gaan eet het ...                      |
| 3  | “Glad nie soos  |
| 4  | 'n Madonna nie.” ...  |
| 5  | “Kuns is interpretatief,” het haar woonstelmaat haar herin-     |
| 6  | ner. “En subjektief. Dit hang alles af van hoe die kunstenaar   |
| 7  | voel oor sy onderwerp. Jy vind swangerskap grotesk en sal       |
| 8  | dit dus anders weergee.”  |
| 9  | “Jy's reg,” het Kara gesê. “As iemand my vra om Elsa te         |
| 10 | teken, sal ek 'n groot sirkel trek met 'n klein koppie boaan en |
| 11 | twee stokampies en -beentjies. Dis al wat 'n mens sien: maag.”  |
| 12 | “Wil jy nie eendag kinders hê nie?” het ek gevra.               |
| 13 | “Nee.”  |
| 14 | “En gestel jou man wil?”  |
| 15 | “Dan kry ons 'n surrogaatmoeder om die drawerk te doen.         |

16 Maklik. Ek is nie 'n broeikas nie. My lyf behoort aan my." ...

17 Op pad terug huis toe in Pa se kar het ek weer aan Elsa  
18 gedink en so is 'n nuwe storie gebore. Die oues, met Richard  
19 in die hoofrol, was uitgewas en prikkelloos.  
20 Met die eerste oogopslag het swangerskap my nie eintlik  
21 getref as iets romanties nie, maar ek het darem geglo dat 'n  
22 mens niks durf verwerp tot jy dit nie self probeer het nie.

- 8.1 Hoekom is dit ironies dat juis Elsa swanger is? (1)
- 8.2 Hoe sluit die motto "*Angels can fly because they take themselves lightly*" by die beskrywing van Elsa se swangerskap aan? (1)
- 8.3 Watter fantasiekarakter skep Iris na die ete in Kara se woonstel? (1)
- 8.4 Hoe ontsnap Kara aan die werklikheid? (1)
- 8.5 Sou 'n sagter/vriendeliker beskrywing van Elsa deur Kara by Kara se karakter pas? Motiveer jou antwoord. (2)
- 8.6 Verduidelik met TWEE feite waarom die volgende stelling vir jou geloofwaardig OF ongeloofwaardig is:  
  
Die reaksie van Kara se familie tydens die aankondiging van haar en Claude se verhouding is vreemd in die era/tydvak waarin die verhaal afspeel. (3)
- 8.7 Iris bedank die modelkontrak.  
  
Watter woorde in reël 17–22 wys dat haar woorde en haar dae nie ooreenstem nie? (1)
- 8.8 Hoe verskil die stemming wat hier heers van die stemming wanneer die koms van 'n baba normaalweg aangekondig word? (2)

## EN

### TEKS 2

1 ... "Wat doen u daarmee?" het ek gevra.  
2 "Ek soek nuwes. Elke dag bestaan die kans dat ek 'n unie-  
3 ke een kan ..." Hy het vir die kelnerin gewink om nog koffie  
4 te bring en sy sakke op die tafelblad begin leegmaak. ...

5 "Waar kry u dit?" het ek gevra.  
6 "Asblikke, meesal. Ek stap agter die woonstelblokke verby  
7 en kyk deur die asblikke."  
8 "Is dit nie grieselig nie?"  
9 Hy het opreg verbaas gelyk en selfs effe gekrenk. "Hoe  
10 bedoel u nou?"  
11 "Wel, behalwe vuurhoutjiedosies is daar mos 'n vreeslike

12	gemors in so 'n blik." ...
----	----------------------------

13	"Ek is nie vol fiemies nie."
14	"O," het ek gesê. "Net so wel."
15	"Ek maak dit skoon," het hy gesê en stukkies verrotte kool-
16	blaar van een afgetrek. "Dan pars ek dit en kyk waar dit inpas
17	tussen die res."
18	"Dit hou u seker besig," het ek beleef erken. ...
19	"O ja. Dis 'n lewenstaak, kan jy sê."
20	"Maar waarvan leef u?"
21	Sy gesig het verstrak, die hemelse vervoering terwyl hy sy
22	stokperdjie bespreek het, weg. "Welsyn," het hy kortaf gesê. ...
23	"Ek moet nou gaan," het ek gesê en die rekening
24	nader getrek.
25	"Asseblief, laat my toe om vir u te betaal." Hy het sy hand
26	ook uitgehou na die strokie papier.
27	Ek het dit weggeruk. "Nee! Dis buite die kwessie. Ek be-
28	hoort eerder vir u te betaal."

- 8.9 Watter voordeel hou dit in dat Iris die verteller is? (1)
- 8.10 Waar vind die gesprek tussen Iris en die vuurhoutjieman plaas? (1)
- 8.11 Hoekom kan die woorde *en kyk waar dit inpas tussen die res* (reël 16–17) ook op Iris se verhouding met haar susters dui? (1)
- 8.12 Iris en die vuurhoutjieman se optrede en handeling verskil baie.  
Noem TWEE voorbeelde uit die teks wat hierdie verskil aandui. (2)
- 8.13 Iris voel uitgebuit nadat sy die rekening moes betaal.  
Met watter betekenis van haar naam skakel hierdie gevoel? Identifiseer TWEE ander karakters teenoor wie sy so gevoel het. (3)
- 8.14 Wat was die Engel se aandeel aan Iris en die vuurhoutjieman se ontmoeting? (1)
- 8.15 Verduidelik die rol wat die besoek aan Amerika in Iris se ontwikkeling van onseker dogter tot volwasse vrou speel. (1)
- 8.16 Tydens haar besoek aan New York wonder Iris of sy die modelkontrak moet aanvaar.  
Watter tipe konflik ervaar Iris? (1)
- 8.17 Aan die einde van die roman kom Iris tot insig.  
Haal 'n sin uit die uittreksel aan om hierdie stelling te bevestig. (1)
- 8.18 Hoe ondersteun die titel van die roman die tema? (1)

**[25]**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG****MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Die sentrale tema van die roman, *Manaka – Plek van die Horings*, word deur die volgende aanhaling saamgevat:

“Hy droom van sy ma. Sy kom op kaal voete na hom toe aan, die kettinkie waaraan die kruisie hang, is in haar hande. Sy probeer dit oor sy kop kry.”

Bespreek hierdie tema in 'n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Grace, Nanna en Ouma Essie in die roman dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema Baas se lewe op Manaka beïnvloed het (oorsake en/of gevolg) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Baas was (1 gemotiveerde feit)

**[25]****OF****VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

- |    |  |
|----|--|
| 1  | Die een na die ander primitiewe aanwysing dat hier         |
| 2  | ook mense woon wat van geweet wil wees, kruip              |
| 3  | by Baas verby – 'n stuk ou nommerplaat aan 'n boom         |
| 4  | vasgespyker, 'n wieldop met 'n “Stop!”-teken, 'n verroeste |
| 5  | modderskerm met 'n skewekam hoenderhaan daarop             |
| 6  | geteken, 'n “No Parking”- en 'n “No dogs allowed”-         |
| 7  | bordjie wat kennelik by die een of ander hospitaal ver-    |
| 8  | dwyn het, 'n verflenterde motorband met 'n onleesbare      |
| 9  | naam in wit verf.  |
| 10 | Die gehuggies word minder; die troppies beste en           |
| 11 | bokke onwilliger om die pad te ontruim; die kinders wat    |
| 12 | uit die graanlandjies nader storm wanneer hulle 'n voer-   |
| 13 | tuig hoor, nuuskieriger; die tweespoorpad slegter; die     |
| 14 | basterbrakke, wat lyk of hulle iewers in die verre verlede |
| 15 | 'n dosis lerse terriër-bloed ingekry het, al meer. ...     |
| 16 | Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan           |
| 17 | Mark gepraat het, veertig kilometer van Sioma af teen      |
| 18 | die hang van die ysterkliprant. Dis 'n dik stomp. Daar is  |
| 19 | geen teken van lewe in die uitgedroogde takke nie. Langs   |
| 20 | die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde   |



21	<i>Manaka Evangelical Mission</i> netjies daarop geverf.
----	--

- 10.1 Waarom kan die *No Parking*-teken as ironies gesien word (reël 6)? (1)
- 10.2 Baas bring Lady en Brindle saam Manaka toe.  
Haal 'n frase uit Teks 1 aan wat bewys dat Baas hom nie aan sommige van Manaka se reëls steur nie. (1)
- 10.3 Hoe sluit die verwysing na *Ierse terriër-bloed* (reël 15) direk by die tydsverloop in die roman aan? (1)
- 10.4 Na wie is Lady en Brindle vernoem? (2)
- 10.5 Waarom kan die situasie op Manaka vergelyk word met die lewelose bougainvilleastomp? (2)
- 10.6 Dink jy daar is 'n ooreenkoms tussen die herkoms van die bougainvillea en Dennis Chipman, die oupagrootjie? Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.7 Watter karaktereienskap van Baas kom na vore as hy die bougainvillea later natgooi? (1)
- 10.8 Skryf die tema van die roman neer en verduidelik hoe die natgooi van die bougainvilleastomp deur Baas by dié tema aansluit. (3)
- 10.9 Lees weer reël 19–21.  
Hoe bevestig Baas sý eienaarskap van Manaka? (1)
- 10.10 Hoe het die verval van die geboue later konflik veroorsaak? (1)

**EN****TEKS 2**

- |    |   |
|----|---|
| 1  | “Dit is waar meneer Chisupo was toe die honde               |
| 2  | hom gekry het.” Grace hou Baas aan sy arm vas.              |
| 3  | “Die waterval!”   |
| 4  | Hulle hardloop na die Land Rover toe.                       |
| 5  | “Die water is vinnig,” sê Grace. “Dit moet vroeg gis-       |
| 6  | teraad al gebeur het, toe ons by die brand was.”            |
| 7  | Meneer Johnnie kom in die oggendmistigheid haastig          |
| 8  | van die kerk af aan. “Lo fire! Lo fire!” skreeu hy en swaai |
| 9  | sy arms om die Land Rover voor te keer.                     |
| 10 | Baas hou stil. Meneer Johnnie spring agterop.               |
| 11 | “Stop!” skreeu hy en hamer op die dak toe Baas verby        |
| 12 | die smeulende balke jaag. “Lo fire! Ka lo kereke ka mina!”  |
| 13 | Dit is by my kerk waar die brand is.                        |
| 14 | Grace beduie vir hom deur die agtervenster dat die          |

15	boot weggespoel het. "Miskien het dit tussen die riete
16	ingespoel," sê sy vir Baas.

17	Baas se lyf swenk en draai saam met sy hande op die
18	stuurwiel tussen die gate en die klippe in die pad deur.
19	"Daar is ook baie inhamme," sê hy. "Dis veertig kilo-
20	meter ..."
21	"Die water is vinnig," sê sy weer.
22	By Sioma draai hulle weg na die Ngonywaterval toe.
23	Hulle klim oor die swart klipkoppe en tussen rotsvybome
24	se knoetswortels en geel stamme deur na die wit wasem-
25	wolke wat hoog bo die rante uitstyg. Die waterval dreun
26	hulle stemme dood.

- 10.11 Haal uit reël 7–13 die woorde aan wat op meneer Johnnie se kulturele andersheid dui. (1)
- 10.12 Meneer Johnnie word die slagoffer van sy kulturele tradisies as hy nie die lobola kan betaal nie.  
Watter gevolg hou dit vir hom in? (1)
- 10.13 Na watter boot word in reël 15 verwys? (1)
- 10.14 Hoekom is die konflik wat Baas ervaar nadat sy boot weggespoel het, geloofwaardig? (1)
- 10.15 Waar het Baas uiteindelik die boot gekry? (1)
- 10.16 Watter leidende rol het Grace in Baas se aanvaarding op Manaka gespeel? (3)
- 10.17 Hoekom het meneer Chisupo in die vuur gespring? (1)
- 10.18 Watter voordeel hou dit in dat hier 'n derdepersoonsverteller aan die woord is? (1)

**[25]****OF**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG****VATMAAR – AHM Scholtz**

Die sentrale tema van die roman *Vatmaar* word deur die volgende aanhaling saamgevat:

“Sy liefde vir Ma Koelie het nooit oud geword nie en Vatmaar het dit geweet.”

Bespreek hierdie tema in ’n opstel van 400–450 woorde. Gee in jou opstel aandag aan:

- Die tema van die roman na aanleiding van die aanhaling (1 feit)
- Hoe die optrede van Kenneth Kleinhans in die roman dié tema ondersteun (5 feite)
- Hoe hierdie tema die Septembers, Miesies Wingrove en Oom Chai beïnvloed het (oorsake en/of gevolge) (6 gemotiveerde feite)
- Die aktualiteit van dié tema en jou redes daarvoor (2 gemotiveerde feite)
- Hoe jy dié tema sou hanteer het indien jy Tant Wonnie was (1 gemotiveerde feit)

**[25]****OF****VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG****VATMAAR – AHM Scholtz**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

1	Jy het buite gespeel, my kind. Kaaitjie het sit en luister. Toe het sy
2	vir Oom Normy ’n koppie tee gegee. Sy het daarvan gehou om vir
3	hom tee te maak, partymaal tot drie, vier koppies toe.
4	Die mense van Vatmaar het my gereeld gevra: Het daai jong man
5	jou nog nie gevra om te trou nie? Ek het altyd gedink ek hou van
6	hom, maar ek het nie ’n man nodig nie.
7	Oom Norman het ’n paar keer gesê hy is op een maand verlof, en
8	daarna sal hy ’n nuwe lewe begin. Ek het altyd gewonder wat hy be-
9	doel. Toe, op ’n baie koue Vrydagmiddag, het hy skierlik oral rondge-
10	soek na ’n tentpen. Ek weet nie waar hy uiteindelik een gekry het
11	nie, maar hy het vir ons die tentpen kom wys. Hy was baie gelukkig,
12	net asof hy iets wat kosbaar was, gekry het. Dit het begin donker word
13	en ek het vir hom gesê: Hoekom wil jy vanaand Pan toe loop? Jy kan
14	mos hier slaap vannag.
15	Hy het net gelag dat sy maag op en af gaan. Voor hy weg is, het Kaai-
16	tjie hom nog tee gegee.

12.1 Watter voordeel hou dit in dat Tant Wonnie hier die verteller is?

**(1)**

- 12.2 Hoe dui die titel van die roman daarop dat Tant Wonnie se insig ten opsigte van God volkome is? Motiveer jou antwoord. (2)
- 12.3 Gee die ironie wat voorkom in die woorde *Het daai jong man jou nog nie gevra om te trou nie?* (reël 4–5) en verduidelik hoe dié ironie vir Tant Wonnie en Kaaitjie geld. (3)
- 12.4 In reël 5–6 sê Tant Wonnie dat sy gedink het sy hou van Norman, maar sy het nie 'n man nodig nie.  
Haar woorde en optrede weerspreek egter hierdie uitspraak. Gee 'n voorbeeld hiervan. (1)
- 12.5 Hoe skakel die woorde ... *sal hy 'n nuwe lewe begin* (reël 8) met die tentpen? (1)
- 12.6 *Maar in daardie tentpen lê daar ook 'n deel van Kaaitjie Muller.*  
Watter afleiding kan ons uit hierdie woorde maak? (1)
- 12.7 Watter tema verteenwoordig Norman? Gee 'n voorbeeld wat jou antwoord staaf. (2)

## EN

## TEKS 2

- |    |  |
|----|--|
| 1  | Toe hulle aanklop, maak 'n bediende die deur oop.                        |
| 2  | Is die Motta hier? vra Mevrouw Bosman.                                   |
| 3  | Kô in, sit, sê die bediende.   |
| 4  | Sê die Mêram ek kô, roep Motta Fatima agter uit die huis uit.            |
| 5  | Hier is sy en hier is die twee pond vir die haak, Motta, sê die wit-     |
| 6  | vrou toe sy eindelijk opdaag, en sy glimlag en tik die ouer vrou op die  |
| 7  | skouer en sê: Jy ken mos jou werk.                                       |
| 8  | Die Motta knik. Moenie worry nie.  |
| 9  | Dan sê ek totsiens.  |
| 10 | Mevrou Bosman het die deur oopgemaak en vertrek en Kaaitjie              |
| 11 | alleen in 'n vreemde wêreld agtergelaat.                                 |
| 12 | Die arme meisie – geen ander woord het haar beter gepas nie – het        |
| 13 | alleen gestaan in 'n wêreld waarvan sy niks geweet het nie. Dit het      |
| 14 | skoon en duur gelyk, maar die atmosfeer het haar gewaarsku.              |
| 15 | Hoekom brand daai stokkies wat in 'n rou aartappel gestee is en          |
| 16 | 'n rook afgee wat ruik of dit die kamer moet skoonmaak van een of        |
| 17 | ander ongesiene ding? Hoekom het die Miesies hierdie vrou, wat           |
| 18 | sy Motta noem, twee pond gegee en gesê dit is vir die haak? En hoe-      |
| 19 | kom is sy weg want ek het haar kar hoor wegtrek? Al hierdie gedagtes het |
| 20 | deur Kaaitjie se kop gegaan.   |
| 21 | Ek kan nie loop nie, het sy vir haarself gesê. Ek moet wag en kyk.       |

- 12.8 In watter ruimte bevind Kaaitjie haar in die uittreksel hierbo? (1)
- 12.9 Watter rol speel die ruimte in die uittreksel hierbo in Kaaitjie se ontwikkeling  
Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

- van 'n hartseer, bang jongvrou tot 'n vreeslose jongvrou? (1)
- 12.10 Wat is die verhouding tussen Kaaitjie en Mevrou Bosman? (1)
- 12.11 Hoekom het Mevrou Bosman se aandeel aan Kaaitjie se hartseer enige moontlike versoening benadeel? (1)
- 12.12 Waaroor ervaar Mevrou Bosman baie innerlike konflik voor die besoek aan Motta Fatima? Sê hoe sy die konflik probeer oplos het. (2)
- 12.13 Mevrou Bosman en Motta Fatima verskil van mekaar ten opsigte van hul sosiale agtergrond.  
Haal 'n frase uit die teks aan om hierdie verskil aan te toon. (1)
- 12.14 Sê of die verandering in Kaaitjie geloofwaardig OF ongeloofwaardig is. Motiveer jou antwoord. (3)
- 12.15 Hoekom is Motta Fatima nie vir Kaaitjie se dood verantwoordelik nie? (1)
- 12.16 Hoe het Kaaitjie se nagedagtenis op Vatmaar bly voortbestaan? (1)
- 12.17 Gee die stemming wat in reël 15–20 heers. (1)
- 12.18 Watter ander tema behalwe stereotipering kom duidelik in hierdie uittreksel na vore? (1)
- [25]

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

**VRAAG 13: OPSTELVRAAG****KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Konflik is 'n hoofelement van enige goeie drama.

Skryf 'n opstel van ongeveer 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Map voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in 'n drama is (2 feite)
- Hoe konflik by Map Jacobs voorkom (4 feite)
- Hoe Map se konflik sy verhouding met Antie Grootmeisie, mense van sy woongebied en Blanchie beïnvloed (6 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Map sou gee om sy konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

**[25]****OF****VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG****KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Lees die teks hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

1	TOMMY:	Moet nou nie mean wies nie, man ... 'is nie onse
2		biesagheit nie ...
3	CYRIL:	Aag, Tommy, jou ou skinnerbek! Come off it, man!
4		(Lag.) 'Is like nie jou biesagheit nie, imagine!
5	RICHIE:	Maar daai's nou nie nodig nie, man ... Los 'it af
6		...
7	CYRIL:	What for?
8	TOMMY:	Los 'it af, ja ... Ek sê weer, 'is nie ons biesagheit
9		...
10	CYRIL:	Aag, ou Tommy, man, moenie vi' my daai kom sell
11		van dis nie jou biesagheit nie ... Shit, man, daai ou
12		dêrre van Blanchie, ou blêrie haitie-taitie vrek van 'n
13		Cavernelis, hy úse vir haar, man ... hy use sy eie vlees
14		en bloed so, man, hy's 'n ... Ek het niks tien Blanchie
15		selwers nie ...
16	RICHIE:	Ôrait, ôrait ...
17	CYRIL:	Nou wat is jy nou so touchy?!

18	TOMMY:	Okay, cool 'it ...
19	CYRIL:	(aan Tommy): Wat dink jy gaat Map kom doen as
20		hy yt is, en hy vinne yt, van Blanchie ek mien, en hoe ou
21		Cavernelis vir haar use, hê?

- 14.1 Na watter *biesagheit* verwys Tommy in reël 1–2? (1)
- 14.2 Hoekom noem Cyril vir Tommy 'n *skinnerbek*? (1)
- 14.3 Gee TWEE redes uit reël 4 as bewys dat die leser weet Cyril bedoel nie wat hy sê nie. (2)
- 14.4 Hoe verskil Cyril se handeling en dialoog van Richie en Tommy s'n soos dit uit hierdie teks blyk? (2)
- 14.5 Dink jy dat die gebruik van Standaardafrikaans in reël 10 tot 18 die karakters geloofwaardiger sou gemaak het? Motiveer jou antwoord. (3)
- 14.6 Cyril noem Cavernelis 'n *haitie-taitie vrek* in reël 12.
- 14.6.1 Wat suggereer *haitie-taitie* omtrent Cavernelis se karakter? (1)
- 14.6.2 Waarom het Cavernelis so spaarsamig en oënskynlik vrekkerig gelewe? (1)
- 14.7 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding.
- Waarom word die karakter in reël 19 *Map* genoem en nie *Johnnie* nie? (2)
- 14.8 In watter ruimte (gebou) bevind Map hom en waarom is hy daar? (2)
- 14.9 Wat is die doel van dialoog in hierdie drama? (1)

## EN

### TEKS 2

1	CAVERNELIS:	Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso
2		wil weg!
3	LA GUMA:	Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak
4		geld om hierso yt te breek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk
5		tronk dié. Kyk, die tralies! ( <i>Hy trek regaf strepe in die lug,</i>
6		<i>met albei hande, en wys na die geboue in die omgewing.</i> )
7	CAVERNELIS:	Anyway, dis hoekom ons seker nie nou gaan
8		worry met 'n shower in die huis nie, mister La Guma. Dis
9		'n onnodige uitgawe, op 'n huurhuis.
10	LA GUMA:	( <i>luister nie</i> ): 'n Sterk tronk, sê ek ...
11	CAVERNELIS:	( <i>plaas die tou in La Guma se hande terug,</i>
12		<i>maar dié let dit skaars op</i> ): Ja ...
13	LA GUMA:	Nou is Map Jacobs ook terug ...
14		<i>Cavernelis sê niks.</i>
15	LA GUMA:	Yt die tronk yt. Terug, hiérnatoe. Kan jy dit vir
16		jou imagine? Hiérnatoe?

17		<i>Cavernelis sê niks.</i>
18	LA GUMA:	Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. ( <i>Hy wys,</i>
19		<i>bars dan uit van die lag.</i> )

14.10 Cavernelis praat van *hierso* in reël 1 en La Guma noem dié plek 'n *tronk* (in reël 5).

14.10.1 Lees die stelling hierbo en sê wat die sosio-politieke agtergrond is waarteen die drama afspeel. (1)

14.10.2 Wat bedoel La Guma as hy dié plek (reël 5) 'n *tronk* noem? (1)

14.11 Waarom vind jy La Guma se handeling in die toneelaanwysings in reël 5–6 noodsaaklik? (1)

14.12 Bestudeer reël 7–17. Haal die spreekbeurt aan wat die tema van die drama die beste weergee. (1)

14.13 *Nou is Map Jacobs ook terug ...* (reël 13)

Dink jy dat Map se lewe, ná die sewe jaar in die tronk, positief of negatief gaan wees? Motiveer jou antwoord. (2)

14.14 Verklaar die ironie wat voorkom in La Guma se woorde in reël 15–16 en verduidelik hoe dié ironie teen die einde van die drama steeds vir Map én Cavernelis geld. (3)

[25]

OF

### VRAAG 15: OPSTELVRAAG

#### **MIS – Reza de Wet**

Konflik is 'n hoofelement van enige goeie drama.

Skryf 'n opstel van ongeveer 400–450 woorde waarin jy die konflik wat by Meisie voorkom, bespreek deur aandag te gee aan:

- Wat konflik in 'n drama is (2 feite)
- Hoe konflik by Meisie voorkom (4 feite)
- Hoe Meisie se konflik haar verhouding met haar pa, haar ma en die konstabel beïnvloed (6 gemotiveerde feite)
- Die geloofwaardigheid van die afloop van die konflik (2 gemotiveerde feite)
- Watter raad jy aan Meisie sou gee om haar konflik op te los (1 gemotiveerde feit)

[25]

OF



**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG****MIS – Reza de Wet**

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

1	MIEM:	Ja-nee. Vannag moet 'n mens jou ore oophou. En jou oë.
2		Die gevaar is oral. ( <i>Skud haar kop en sug diep. Werk dan</i>
3		<i>verder. Na 'n stilte</i> ) Daar is mense wat sê dat dit iets ... bona-
4		tuurliks is.
5	MEISIE:	( <i>bang</i> ) Hoe meen Ma nou?
6	MIEM:	( <i>onheilspellend</i> ) Iets ... onheiligs. Iets wat ronddwaal ...
7		op soek na bevrediging ... van onaardse drange.
8	MEISIE:	O, dis verskriklik.
9	MIEM:	( <i>gerusstellend</i> ) Maar toe maar, my kind. Die dominee en
10		al die ouderlinge bid die hele nag. Ag nee, nou het dit weer
11		uitgegly. Sit tog vir my die garing deur, my kind. ( <i>Hou die</i>
12		<i>naald na MEISIE uit</i> ) Al is die gat groot, sien ek maar sleg.
13		<i>MEISIE staan op en beweeg na die lamp op die wastafel om beter te</i>
14		<i>sien.</i>
15	MIEM:	( <i>sien skielik dat MEISIE by die venster uitloer</i> ) En vir wat
16		loer jy deur die gordyne!
17	MEISIE:	( <i>vinnig</i> ) Ek kyk net na die liggies.
18	MIEM:	( <i>staan op. Kwaa!</i> ) Liggies!

- 16.1 Gee die presiese datum van *vannag* (reël 1) en sê in watter ruimte (gebou) hierdie gesprek tussen Miem en Meisie plaasvind. (2)
- 16.2 *Die gevaar is oral* (reël 2).  
Na watter *gevaar* verwys Miem? (1)
- 16.3 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding.  
Gee TWEE redes waarom Meisie in dié drama nie op haar doopnaam aangespreek word nie. (2)

- 16.4 Hoe dui Miem se dialoog in reël 12 vooruit na die slot van die drama? (1)
- 16.5 Lees die toneelaanwysings en dialoog in reël 15–18.
- 16.5.1 Wat is Miem se probleem met die sirkusliggies? (1)
- 16.5.2 Gee TWEE redes waarom Meisie so *vinnig* reageer. (2)
- 16.6 Lees reël 17 en 18. Verduidelik hoe *liggies* as simbool by die tema van die drama aansluit. (2)
- 16.7 Wat is die doel van dialoog in hierdie drama? (1)

**EN****TEKS 2**

1		<i>Die agterdeur gaan oop. GERTIE verskyn. Haar bloes is weer netjies toegeknoop en haar hare is ietwat onnet op haar kop vasgesteek. Die sirkusmusiek kan gehoor word.</i>
2		
3		
4	MIEM:	Gertie, vir wat dwaal jy daar buite rond? Jy besef tog die gevaar.
5		
6	GERTIE:	<i>(effens verbouereerd)</i> Oefening en koue, vars lug ...
7		bevorder 'n goeie nagrus.
8	MIEM:	En maak toe die deur!
9	GERTIE:	Jammer, Miem. <i>(Maak die deur toe)</i>
10		<i>Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.</i>
11	MIEM:	<i>(staan swaar op)</i> Nou ja, dan gaan kruip ek maar in.
12	GERTIE:	Ek ook.
13	MIEM:	Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.
14		
15	GERTIE:	Die skoolklok lui al kwart voor agt.
16		<i>Honde wat blaf.</i>
17	MIEM:	Hoor net. Dis die polisiehonde wat so blaf.
18	GERTIE:	Die dorp word goed beskerm. <i>(Kyk skaam na die KON-</i>
19		<i>STABEL)</i> Ek is seker daar sal dié keer niks gebeur nie.
20	MIEM:	Ek weet nie, Gertie. Ek ... het so 'n aardige gevoel. Maar

21

wag, ek wil nie spoke opjaag nie.

- 16.8 Waarom is dit noodsaaklik dat die toneelaanwysings (reël 1–3) ten opsigte van Gertie se klere en hare gegee word? (1)
- 16.9 Dui die ironie aan wat voorkom in Miem se woorde in reël 4–5 en verduidelik hoe dié ironie vir Miem én Meisie teen die einde van die drama beïnvloed. (3)
- 16.10 Verduidelik waarom dit vir jou geloofwaardig/ongeloofwaardig is dat Gertie hiér so verskonend teenoor Miem optree (reël 9). (3)
- 16.11 Haal die woord aan wat die leser bewus maak van die vryheid waarna Meisie so smag. (1)
- 16.12 Die verwysing na *mis* (reël 13) is hier opvallend.
- 16.12.1 Hoe beïnvloed hierdie *mis* Meisie se bestaan? (1)
- 16.12.2 Wat is die rede vir Miem en Meisie se betrokkenheid by *mis*? (1)
- 16.13 Waarom is Gertie se positiwiteit jeens die konstabel (reël 18–19) onvanpas? (1)
- 16.14 Dink jy dat Miem 'n verstandige ma vir haar kind was? Motiveer jou antwoord met verwysing na die drama in sy geheel. (2)
- [25]**
- TOTAAL AFDELING C: 25**  
**GROOTTOTAAL: 80**



# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE****AFDELING A: OPSTEL**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

Inhoud:	I = K6 – 21
Taal, styl en redigering:	T = K4 – 8
Stuktuur:	S = K5 – 3
Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).	32

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**LET WEL:** Indien die punt 32½ sou wees, dra dan die punt as 33 oor.

**DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL**

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende, beredenerende en verklarende opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

**VRAAG 1****Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande memorandum) mag nie as bindend beskou word nie. Die leerder bied dus enige tipe opstel aan, soos **byvoorbeeld:**

- 1.1 Vakansies: Die leerder kan die onderwerp ook as 'n ideale of verbeelde vakansie interpreteer. Sintuiglike ervaring word meegedeel. Indien die leerder die opstel as 'n **verhalende** skryfstuk aanbied, sal karakters se vakansie die fokus vorm met al die elemente wat by 'n verhaal tuishoort. Die leerder kan ook op herinneringe fokus in die aanbieding van die opstel wat **beskrywend** van aard sal wees. Indien die leerder 'n **argumenterende of betogende** opstel aanbied, moet die leerder op 'n subjektiewe wyse die leser van sy perspektief oortuig aangaande die lekkerste vakansie ooit. Wanneer hy/sy oor 'n droomvakansie bespiegel, kan dit as **bespiegelende** opstel slaag.

**[50]**

- 1.2 Gister – vandag: Die leerders behoort die opstel as kontrasterend ten opsigte van die verlede en hede/toekoms aan te bied. Indien die onderwerp handel oor byvoorbeeld 'n persoon wat 'n radikale verandering in sy lewe ondergaan het en die verhaal wat daaruit spruit, sal dit dan 'n **verhalende** opstel kan wees. Hierdie onderwerp leen hom tot 'n **bespiegelende** opstel, veral waar die kandidaat aan die einde van sy skoolloopbaan staan en op die drumpel van 'n nuwe begin (hallo vandag) staan. Indien die kandidaat die hede en die verlede teenoor mekaar stel deur te beskryf wat was, sal die opstel **beskrywend** aangebied kan word. Die belangrikheid van die verlede met die oog op die toekoms kan ook **geargumenteer** word. [50]
- 1.3 Gedig: Die leerder kan hierdie prikkel op 'n wye verskeidenheid maniere interpreteer, bv. die waarde van taal (**argumenterend**), die invloed van die woord/kommunikasie (**beredenerend**) of wat taal vir die leerder beteken (**bespiegelend**). 'n Voorbeeld van 'n **verhalende** opstel sal wees waar die leerder in 'n verhaal die gevolge van positiewe of negatiewe woorde oordra (laasgenoemde leen hom ook tot 'n **beskrywende** opstel). [50]
- 1.4 Suid-Afrika is 'n land met volop geleenthede: Leerders behoort standpunt in te neem en die stelling aan die hand van sinvolle **argumente/redenasies** te bewys. Hierdie onderwerp leen hom egter ook tot ander interpretasies waar die leerder byvoorbeeld die negatiewe kant aanbied. Indien die leerder beide kante van die saak stel, kan die skryfstuk **beredenerend** aangebied word. Die leerder kan ook in 'n **beskrywende** opstel die geleenthede wat Suid-Afrika bied, beskryf. [50]
- 1.5 Wenslys vir die lewe: Hierdie onderwerp leen hom tot verskeie interpretasies wat onder andere **bespiegelend** of **beskrywend** kan wees. Die leerder kan byvoorbeeld oor sy ideale lewe besin. As die leerder hierdie onderwerp **verhalend** aanbied, kan hy/sy die verhaal van enige persoon vertel wat 'n wenslys het en die wenslys vervul. By 'n **beredenerende** interpretasie kan die leerder die wenslikheid van 'n wenslys beredeneer. Indien die leerder **argumenteer** dat dit noodsaaklik is om 'n wenslys te hê en dit te vervul, is dit ook aanvaarbaar. [50]
- 1.6.1 Voete: Letterlike interpretasies kan lei tot **beskrywende**, **verhalende**, **bespiegelende** skryfstukke, bv. Paaie waarop my voete my kan neem/Die nag toe ek gevlug het/Spore het tot my redding gelei./Voete pas by hulle eenaars. Figuurlike interpretasies is moontlik: My pad deur die lewe/Spore op mense se lewens/Vertrap deur die lewe/armoede Hierdie onderwerp kan ook **argumenterend** of **verklarend** aangebied word, bv. Gestremdhede hoef nie 'n remskoen te wees nie. [50]
- 1.6.2 Man en kind: Die leerder kan die onderwerp **verhalend**, **bespiegelend**, **beskrywend**, **beredenerend** of selfs **feitelik** (bv. generasiegapings) aanbied. Moontlike interpretasies kan wees: Die fiasko by die haarkapper/Ek en die kwaai dokter/Vreemde mense hou 'n gevaar in. [50]
- 1.6.3 Uurglas: Hierdie onderwerp leen hom tot **verhalende**, **bespiegelende**, **beskrywende**, **beredenerende** en selfs **feitelike** skryfstukke. Moontlikhede: Atlete hardloop teen tyd/Die lewe is te kort vir alles wat ek wil doen./Die lewe is 'n gejaag na niks./Mense leef te gejaagd. Die begrip TYD moet in hierdie skryfstuk uitgelig word. [50]

**TIPES OPSTELLE:****VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit gaan oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie beleving en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BEREDENERENDE OPSTEL**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.



**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waarvoor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BESPIEGELENDENDE OPSTEL**

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/leuenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Bespiegel oor 'n droom of wense.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- 'n Eie logiese en sistematiese mening word gevorm.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer. Dit is 'n subjektiewe opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe opinies moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Daar moet op argumente vir/teen die standpunt gekonsentreer word.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

AFDELING B word volgens die rubriek uit 30 geassesseer. Slegs EEN teks word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

Inhoud, beplanning en formaat:

**I = K5 – 11**

Taal, styl en redigering:

**T = K5 – 8**

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

**19**

Dra die punt uit 30 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**LET WEL:** Indien die punt 19½ sou wees, dra dan die punt as 20 oor.

**VRAAG 2****2.1 ARTIKEL**

Hierdie artikel is 'n skryfstuk wat oor 'n besondere onderwyser geskryf is. Dit word gepubliseer in 'n skooljaarblad. Die artikel moet lesers inlig oor die besondere onderwyser en sy/haar invloed op die leerder se lewe.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Inligting oor die besondere onderwyser moet beklemtoon word.
- Daar is 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel.
- Bedrywende vorm kom ook in die artikel voor.
- Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word: in hierdie geval 'n skooljaarblad.
- Die artikel kan in paragrafe of in kolomme aangebied word.
- Aanhalinge kan gebruik word.
- Die tema of onderwerp moet interessant aangebied word.
- Die titel/opskrif is kort en treffend en moet by die onderwerp pas.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit. Dit moet ook kort en kragtig wees en die leser dadelik in die prentjie bring.
- Die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee. *Wie, wat, waar, wanneer, waarom* en *hoe*.
- Die *wat, waar* en *wanneer* word in die volgende paragrafe uitgebrei. Meer inligting – die *hoe* en *hoekom* – word nou gegee.
- Die res van die inligting word daarna in dalende orde van belangrikheid gegee.
- Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.

(30)

## 2.2 FORMELE BRIEF – VERSOEK

Die brief rig 'n versoek vir 'n borgskap aan 'n winkel. Die volgende moet in die brief aandag geniet: redes vir versoek en die lekkernye waarvoor gevra word.

### Hou die volgende in gedagte:

- Die formaat van die brief moet korrek wees: adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opskrif/doel, paragrawe, afsluiting.
- Die adres van die sender kom regs boaan in blokvorm.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 25 November 2012. Die adres van die ontvanger van die brief word links in blokvorm geskryf.
- Geen leesteken word in die adresse gebruik nie.
- 'n Reël word tussen die adres van die sender en die ontvanger oopgelaat.
- 'n Reël word tussen die adres van die ontvanger en die aanhef van die brief oopgelaat.
- Die doel van die brief word in hoofletters geskryf OF dit kan in kleinletters geskryf en dan onderstreep word. Dit moet die essensie van die brief saamvat.
- Geen leestekens word na "Die uwe" gebruik nie.
- Die brief word onderteken deur die persoon wat die korrespondensie rig. Korrespondente kan ook hul noemname en vanne gee.
- Die hoedanigheid van die sender word onder die handtekening uitgeskryf.
- Verduidelik die rede vir die versoek.
- Verduidelik hoekom die spesifieke winkelgroep gevra word.
- Gee alle moontlike inligting wat nodig is: *waar, wanneer, wie, wat en waarom.*
- Die taalstyl, toon en register is formeel.
- Skryf nugter en saaklik. Geen mooiskrywery nie.

### Aanspreekvorme in formele briewe:

- Indien die titel en van van die aangesprokene nie bekend is nie, spreek die persoon aan as Meneer/Geagte Meneer/Mnr./Mnr/Dame/Me./Me
- Indien die titel en van van die aangesprokene bekend is, spreek die persoon aan as Geagte meneer/mnr/mnr. Bekker.
- Die volgende **titels gevolg deur die van**, indien bekend, kan ook gebruik word: me/me./mev/mev./mej/mej./dr/dr./prof/prof.

[30]

### 2.3 FORMELE VERSLAG

Die formele verslag word aan die kerk/gemeenskap se jeugkomitee gerig na aanleiding van 'n suksesvolle naweek wat die jeuggroep gereël het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Daar moet 'n bondige inleiding, wat die doel van die verslag uiteensit, gegee word.
- Inligting oor *wie, wat, waar* en *wanneer* moet verskaf word.
- In die volgende paragrawe word uitgebrei op *wie, wat, waar* en *wanneer*. Redes vir die sukses van die naweek kan ook verskaf word.
- Die verslag moet saaklik aangebied word; taal en styl is formeel. **[30]**

### 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Die informele toespraak word gelewer om van 'n klasmaat wat as uitruilstudent Amerika toe gaan, afskeid te neem.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die inhoud bestaan uit: die doel van die toespraak, mooi eienskappe van die klasmaat, wat jy by hom/haar geleer het en waarom hy/sy vir jou so spesiaal is.
- Taal en styl behoort redelik informeel te wees. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF**

AFDELING C word volgens die rubriek uit 20 geassesseer. Slegs EEN teks word in die finale vorm nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

Inhoud, beplanning en formaat:

**I = K6 – 9**

Taal, styl en redigering:

**T = K5 – 5**

Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks).

**14**

Dra die punt uit 20 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**LET WEL:** Indien die punt 14½ sou wees, dra dan die punt as 15 oor.

**VRAAG 3****3.1 POSKAART**

Hierdie poskaart word aan ouers gestuur oor uitsonderlike sport-/kultuurprestasies.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is 'n kommunikasiewyse waarop 'n kort boodskap gestuur word.
- Die datum moet gegee word.  
Dit is NIE nodig om die kandidaat se adres te gee NIE, maar die poskaart moet wel aan die ouers geadresseer word.
- Reëls word ter wille van plek nie tussen paragrawe oopgelaat nie.
- Kort sinne mag gebruik word.
- Net die uitsonderlike sport-/kultuurprestasies word gegee.
- Die leerder behoort by die onderwerp te bly.

**[20]**

**3.2 DAGBOEKINSKRYWING**

Aan die einde van jou skoollewe roep jy die soet en suur van jou skooljare in herinnering.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Slegs twee inskrywings moet gegee word.
- Die dag en/of datum moet gegee word, maar dit hoef nie opeenvolgend te wees nie.
- Paragrawe en volledige sinne behoort gebruik te word, maar enkelwoordsinne is aanvaarbaar.
- Die fokus val op dinge wat gebeur het, ervarings wat opgedoen is, of gevoelens wat ervaar is wat die skrywer nie wil vergeet nie.
- Die skrywer moet aandag gee aan die soet én suur van sy/haar skoollewe.

**[20]**

### 3.3 UITNODIGINGSKAARTJIE

Dit is 'n uitnodiging aan die voorsitter van die Beheerliggaam.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die voorsitter word na die revue/skoolkonsert uitgenooi.
- Hoewel volledige sinne nie 'n vereiste is nie, moet die leerder steeds 100 tot 120 woorde gebruik.
- Volledige inligting moet gegee word. Dit sluit in:
  - Wie word genooi?
  - Waarvoor word hulle genooi?/Wat is die geleentheid?
  - Op watter datum vind die revue/skoolkonsert plaas?
  - Hoe laat begin die verrigtinge?
  - Waar vind die revue/skoolkonsert plaas?
  - Wie rig die uitnodiging?
  - Hoe die voorsitter moet antwoord, is belangrik. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KREATIEWE SKRYFWERK (OPSTEL) – HUISTAAL: 50 PUNTE**

<b>50 PUNTE</b>	<b>KODE 7 Uitmuntend 80–100%</b>	<b>KODE 6 Verdiensielik 70–79%</b>	<b>KODE 5 Beduidend 60–69%</b>	<b>KODE 4 Voldoende 50–59%</b>	<b>KODE 3 Matig 40–49%</b>	<b>KODE 2 Basies 30–39%</b>	<b>KODE 1 Ontoereikend 0–29%</b>
<b>INHOUD EN BEPLANNING</b>  <b>30 PUNTE</b>	<b>24–30</b> -Inhoud uitstaande, hoogs oorspronklik. -Idees stem jou tot nadenke uitdagend, volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n foutlose aanbieding.	<b>21–23</b> -Inhoud verdienstelik, oorspronklik. -Idees verbeelingsryk en interessant. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n vernuftige aanbieding.	<b>18–20</b> -Inhoud goed, redelik koherent. -Idees interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie aanbieding.	<b>15–17</b> -Inhoud geskik, voldoende koherent. -Idees interessant, oorspronklik voldoende. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende aanbieding.	<b>12–14</b> -Inhoud middelmatig, gewoon. Gapings in koherensie. -Idees meestal toepaslik. Oorspronklikheid beperk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelik samehangende aanbieding.	<b>9–11</b> -Inhoud nie altyd duidelik nie. Koherensie ontbreek. -Beperkte idees, herhaal dikwels. -Onvoldoende vir huistaalvlak. -Aanbieding nie goed nie.	<b>0–8</b> -Inhoud grootliks irrelevant. Geen koherensie. -Idees vervelig, herhalend. -Onvoldoende beplanning en/of eerste poging. -Aanbieding swak.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>  <b>15 PUNTE</b>	<b>12–15</b> -Krities bewus van taalimpak. -Taal, puntuasie effektief gebruik. -Gebruik hoogs gepaste, figuurlike taal. -Woordkeuse uitsonderlik en volwasse. -Styl, toon, register hoogs geskik vir onderwerp. -Feitlik foutloos na proeflees en redigering.	<b>10½–11½</b> -Krities bewus van taalimpak. -Taal, puntuasie korrek. Gebruik knap figuurlike taal. -Woordkeuse varieer en is kreatief. -Styl, toon, register geskik vir onderwerp. -Grootliks foutloos na proeflees en redigering.	<b>9–10</b> -Kritiese bewustheid van taal duidelik. -Taal, puntuasie meestal korrek. -Woordkeuse geskik vir teks. -Styl, toon, register geskik vir teks. -Meestal foutloos na proeflees en redigering.	<b>7½–8½</b> -Enkele aanduidings van kritiese taalbewustheid. -Taal eenvoudig, puntuasie voldoende. -Woordkeuse voldoende. -Styl, toon, register oor die algemeen in ooreenstemming met teksvereistes. -Steeds foute na proeflees en redigering.	<b>6–7</b> -Beperkte aanduidings van kritiese bewustheid. -Taal middelmatig, puntuasie dikwels verkeerd gebruik. -Woordkeuse beperk. -Styl, toon, register toon gebrek aan samehang. -Baie foute na proeflees en redigering.	<b>4½–5½</b> -Geen kritiese taalbewustheid. -Gebrekkige taal en puntuasie. -Woordkeuse nie beperk. -Styl, toon, register nie geskik nie. -Besaaï met foute na proeflees en redigering.	<b>0–4</b> -Geen kritiese taalbewustheid. -Ernstige gebrek aan taal en puntuasie. -Woordkeuse nie geskik nie. -Styl, toon, register gebrekkig in alle opsigte. -Besaaï met foute en verwar leser na proeflees en redigering.
<b>STRUKTUUR</b>  <b>5 PUNTE</b>	<b>4–5</b> -Koherente ontwikkeling van onderwerp. Skerp, uitsonderlike detail. -Sinne en paragrawe brijant saamgestel. -Lengte in ooreenstemming met vereistes van opstel.	<b>3½</b> -Logiese ontwikkeling van besonderhede. Koherent. -Sinne, paragrawe logies, gevarieerd. -Lengte korrek.	<b>3</b> -Ontwikkeling van verskeie relevante besonderhede. -Sinne, paragrawe goed saamgestel. -Lengte korrek.	<b>2½</b> -Net enkele noodsaaklike idees gegee, besonderhede ontwikkel tog. -Sinne, paragrawe mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek.	<b>2</b> -Net enkele noodsaaklike idees kan duidelik onderskei word. -Sinne, paragrawe bevat foute, maar opstel maak nog sin. -Lengte – te lank/kort.	<b>1½</b> -Dwaal soms van die onderwerp af, algemene gedagtegang kan gevolg word. -Sinne, paragrawe basies saamgestel. -Lengte – te lank/kort.	<b>0–1</b> -Dwaal van onderwerp af. -Sinne, paragrawe verwarrend en onkonsekwent. -Lengte – ver te lank/kort.

**AFDELING B: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE HUISTAAL: 30 PUNTE**

PRESTASIE - AANDUIDERS	Kode 7: Uitmuntend 80 – 100%	Kode 6: Verdienstelik 70 – 79%	Kode 5: Beduidend 60 – 69%	Kode 4: Voldoende 50 – 59%	Kode 3: Matig 40 – 49%	Kode 2: Basies 30 – 39%	Kode 1: Ontoereikend 00 – 29%
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 18 PUNTE</b>	<u>14½–18</u> -Uitgebreide gespesialiseerde kennis van die vereistes van die teks. -Gedissiplineerde skryfwerk – leerder fokus presies op die aanbieding, geen afwyking nie. -Algehele samehang wat inhoud en idees betref, hoogstaande uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n foutlose en goed beplande teks. -Formaat is toepaslik en van hoogstaande standaard.	<u>13–14</u> -Baie goeie kennis van die vereistes van die teks. -Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus op die aanbieding, geen afwyking. -Die teks is samehangend wat inhoud en idees betref, baie goeie uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n baie goed beplande en saamgestelde teks. -Noodsaaklike reëls van die formaat is baie goed toegepas.	<u>11–12½</u> -Goeie kennis van die vereistes van die teks. -Die leerder behou fokus in die skryfwerk, met geringe afwykings. -Die teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding kom voor en die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n goed beplande teks. -Noodsaaklike reëls van die formaat is goed toegepas.	<u>9–10½</u> -Voldoende kennis van die vereistes van die teks. -Die leerder se fokus wyk af, maar dit belemmer nie betekenis nie. -Die teks is voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n bevredigende teks. -Voldoen aan formaatvereistes van die teks, enkele foute.	<u>7½–8½</u> -Matige kennis van die vereistes van die teks. Respons op opdrag vertoon beperkte fokus. -Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek vaag. -Die teks is nog samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n aanvaarbare teks. -Noodsaaklike reëls van die formaat is genoegsaam toegepas, nalatige foute is gemaak.	<u>5½–7</u> -Basiese kennis van die vereistes van die teks. Reaksie op die opdrag vertoon 'n baie beperkte fokus. -Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek nie van toepassing nie. -Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp. -Beplanning ontbreek of is onaanvaarbaar omdat dit ontoepaslik is. -Het 'n vae idee van die teksformaat maar growwe foute is gemaak.	<u>0–5</u> -Geen kennis van die vereistes van die teks nie. Respons op die opdrag vertoon byna geen fokus nie. -Leerder wyk af van die opdrag en die betekenis van die teks is nie van toepassing nie. -Inhoud en idees is onsamehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. -Beplanning ontbreek of is ontoereikend. Teks is swak aangebied. -Teksformaat is nie toegepas nie.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING 12 PUNTE</b>	<u>10–12</u> -Teks is grammatikaal korrek en briljant saamgestel. -Woordkeuse is van hoogstaande standaard en is uiters geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is van hoogstaande standaard en hoogs toepaslik. -Na proeflees en redigering is teks feitlik foutloos. -Lengte gewoonlik in ooreenstemming met vereistes van onderwerp.	<u>8½–9½</u> -Teks is baie goed saamgestel en korrek. -Woordkeuse is baie geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is toepaslik vir die vereistes van die teks. -Na proeflees en redigering is teks grootliks foutloos. -Lengte is gewoonlik genoegsaam.	<u>7½–8</u> -Teks is goed saamgestel en lees maklik. -Woordkeuse is toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is meestal toepaslik. -Na proeflees en redigering is die teks meestal foutloos. -Lengte aanvaarbaar.	<u>6–7</u> -Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie die leesbaarheid nie. -Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, teikengroep en konteks. -Styl, toon en register is taamlik toepaslik. -Na proeflees en redigering het teks foute. -Lengte steeds aanvaarbaar	<u>5–5½</u> -Teks net basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Gebreke in styl, toon en register -Na proeflees en redigering het die teks verskeie foute. -Lengte nog aanvaarbaar	<u>4–4½</u> -Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. -Woordkeuse het remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Styl, toon en register nie geskik nie. - Die teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte dikwels te lank/kort	<u>0–3½</u> -Teks is baie swak saamgestel en baie moeilik om te volg. -Woordkeuse het ernstig aandag nodig en is nie geskik vir doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Styl, toon en register korrespondeer nie met die onderwerp nie. -Teks is besaai met foute en is deurmekaar ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte gewoonlik te lank/kort.



**AFDELING C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE HUISTAAL: 20 PUNTE**

<b>PRESTASIE - AANDUIDERS</b>	<b>Kode 7: Uitmuntend 80–100%</b>	<b>Kode 6: Verdienstelik 70–79%</b>	<b>Kode 5: Beduidend 60–69%</b>	<b>Kode 4: Voldoende 50–59%</b>	<b>Kode 3: Matig 40–49%</b>	<b>Kode 2: Basies 30–39%</b>	<b>Kode 1: Ontoereikend 00–29%</b>
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 12 PUNTE</b>	<b>10–12</b> -Uitgebreide gespesialiseerde kennis van die vereistes van die teks. -Gedissiplineerde skryfwerk – leerder fokus presies op die aanbieding, geen afwyking nie. -Algehele samehang wat inhoud en idees betref, hoogstaande uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n foutlose en goed beplande teks. -Formaat is toepaslik, hoogstaande standaard.	<b>8½–9½</b> -Baie goeie kennis van die vereistes van die teks. -Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus op die aanbieding, geen afwyking. -Is samehangend wat inhoud en idees betref, baie goeie uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n baie goed beplande en saamgestelde teks. -Formaat is baie goed toegepas.	<b>7½–8</b> -Goeie kennis van die vereistes van die teks. -Die leerder behou fokus in die skryfwerk, met geringe afwykings. -Die teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding kom voor en die besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n goed beplande teks. -Formaat is toepaslik.	<b>6–7</b> -Voldoende kennis van die vereistes van die teks. -Die leerder se fokus wyk af, maar dit belemmer nie betekenis nie. -Die teks is voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n bevredigende teks. -Voldoen aan formaatvereistes van die teks.	<b>5</b> -Matige kennis van die vereistes van die teks. Respons op opdrag vertoon beperkte fokus. -Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek vaag. -Die teks is nog samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. -Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n aanvaarbare teks. -Noodsaaklike reëls van die formaat is genoegsaam toegepas, nalatige foute is gemaak.	<b>4</b> -Basiese kennis van die vereistes van die teks. Reaksie op die opdrag vertoon 'n baie beperkte fokus. -Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek nie van toepassing nie. -Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp. -Beplanning ontbreek of is onaanvaarbaar omdat dit ontoepaslik is. -Het 'n vae idee van die teksformaat maar growwe foute is gemaak.	<b>1–3</b> -Geen kennis van die vereistes van die teks nie. Respons op die opdrag vertoon byna geen fokus nie. -Leerder wyk af van die opdrag en die betekenis van die teks is nie van toepassing nie. -Inhoud en idees is onsamehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. -Beplanning ontbreek of is ontoereikend. -Teksformaat is nie toegepas nie.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING 8 PUNTE</b>	<b>7–8</b> -Teks is grammatikaal korrek en briljant saamgestel. -Woordkeuse is van hoogstaande standaard en is uiters geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is van hoogstaande standaard en hoogs toepaslik. -Na proeflees en redigering is teks feitlik foutloos. -Lengte is gewoonlik in ooreenstemming met vereiste van onderwerp.	<b>6</b> -Teks is baie goed saamgestel en korrek. -Woordkeuse is baie geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is toepaslik vir die vereistes van die teks. -Na proeflees en redigering is teks grootliks foutloos. -Lengte gewoonlik genoegsaam.	<b>5</b> -Teks is goed saamgestel en lees maklik. -Woordkeuse is toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. -Styl, toon en register is meestal toepaslik. -Na proeflees en redigering is die teks meestal foutloos. -Lengte aanvaarbaar.	<b>4</b> -Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie vloeiendheid nie. -Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, teikengroep en konteks. -Styl, toon en register is taamlik toepaslik. -Na proeflees en redigering het die teks steeds foute. -Lengte steeds aanvaarbaar.	<b>3½</b> -Teks net basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Gebreke in styl, toon en register. -Na proeflees en redigering het die teks verskeie foute. -Lengte nog aanvaarbaar.	<b>3</b> -Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. -Woordkeuse het remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Styl, toon en register nie geskik nie. -Die teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Skryfstuk dikwels te lank/kort.	<b>1–2</b> -Teks is baie swak saamgestel en baie moeilik om te volg. -Woordkeuse het ernstig aandag nodig en is nie geskik vir doel, teikengroep en konteks van die teks nie. -Styl, toon en register korrespondeer nie met die onderwerp nie. -Teks is besaai met foute en is deurmekaar ten spyte van proeflees en redigering. -Skryfstuk gewoonlik te lank/kort